

Nr./No. 53

1967

April

# Pretoriana



TYDSKRIF VAN DIE GENOOITSKAP OUD-PRETORIA  
VERSKYN IN APRIL, AUGUSTUS EN DESEMBER

MAGAZINE OF THE OLD PRETORIA SOCIETY  
PUBLISHED IN APRIL, AUGUST AND DECEMBER

Prys : 25c : Price

## *Inhoud / Contents*

- DR. N. A. COETZEE: Uit die onderwys in Pretoria gedurende die laaste jare van die Zuid-Afrikaansche Republiek en daarna.
- KOMDT. (DR.) JAN PLOEGER: Oor die Nederlandse Verenigingslewe in Ou-Pretoria.
- MEJ. J. M. SCHOEMAN: Die ampswoning van Conyngham Greene.
- MR. C. W. L. DE SOUZA: The President and the Rose.
- MNR. J. L. HATTINGH: Die Konsenstrasiekamp te Meintjieskop.
- MNR. G. J. VAN ECK: Kultuuraktiwiteite van die Pretoriase jeug tussen 1883 en 1913.
- MEJ. K. M. (INA) VAN ECK: Die voorstad Groenkloof, Pretoria, en die herkoms van sy straat- en parkname.
- MNR. H. M. REX: Die eerste poging tot koffieverbouing in die Pretoriase distrik.

### **CORRESPONDENCE:**

MR. C. J. BEANES: Pretoriana, No. 47, 1965.

MR. C. J. BEANES: Arbour Day.

*In afwesigheid van die Redakteur is hierdie nommer op versoek van die Bestuur deur mnr. H. M. Rex geredigeer, die vyf-en-twintigste en laaste nommer vanaf Nr. 23, April 1957, waaraan hy 'n aandeel gehad het. Die redigering van Pretoriana vir meer as agt jaar was vir hom 'n liefdestaak en hy is dankbaar dat hy op hierdie wyse vir die Genootskap Oud-Pretoria van diens kon gewees het.*

# UIT DIE ONDERWYS IN PRETORIA

## GEDURENDE DIE LAASTE JARE VAN DIE ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK EN DAARNA

Die werksaamhede en daaglikse roetine aan die Staatsmodelskool en Staatsgimnasium van die Zuid-Afrikaansche Republiek in Pretoria vir die agtien maande voor die Anglo-Boere Oorlog (11 Oktober 1899 — 31 Mei 1902) word weerspieël in 'n „Rapport-Boekje” van een van die leerlinge, Francois Philippus Coetzee (5.1.1880—1.9.1952) wat ons ter hand gekom het.

Hierdie rapportboekie is netjies en stewig gebind met 'n aantal vorms vir agtereenvolgende kwartaallikse gebruik. Dit is op 20 Mei 1898 uitgereik aan die kandidaat in Standaard VI. Die leerling het vroeër elders skoolgegaan en het met die doel om vir onderwyser te leer oorgekom na die Staatsmodelskool. Hy was toe agtien jaar oud.

Voor in die boekie verskyn 'n „Verklaring der Cifers” vir die waardering van die leerling se eksamenprestasie soos volg:

- 5 — zeer goed.
- 4 — goed.
- 3 — voldoende.
- 2 $\frac{1}{2}$  — even voldoende.
- 2 — onvoldoende.
- 1 — slecht.

Die eerste rapport strek oor die kwartaal „April tot Juli” 1898 en toon die punte in die verskillende vakke behaal; „schooltijden afwezig geweest,” asook maak dit voorsiening vir die latere handtekening van die ouer of voog om te bewys dat dit onder sy aandag gekom het. Die „Hoofd der School,” Meneer F. W. Wagner, se naam is op die vorm gedruk, die „Onderwijzer” N. Tromp het namens hom geteken. Ook R. D. Collins, „Hoofd Eerste Staats Tehuis voor Jongens” het sy naam geteken, blykbaar as mede-getuie van goeie gedrag, om dissipline in die Tehuis te verseker. Hierdie Tehuis was gehuisves in die woonhuis van generaal Piet Joubert in Visagiestraat.

Die tweede rapport, van „Juli tot October” 1898, bevat 'n kanttekening dat die leerling oorgeplaas word na die Normaalklasse en dus nou verder voorberei word as onderwyser. Aan die toelatingsvereistes is dus voldoen.

Die vakke, met puntetoekenning, verdien besondere aandag. Bijbelse Geschiedenis verskyn eerste op die lys, dit het die ereplek. Moedertaal-onderrig word onderverdeel in Lezen, Schrijven, Recitatie, Vormleer, Taalkunde, Opstel, met Rekenen tussenin. Engels word ook geleer, daar word egter net een punt gegee vir Lezen, Recitatie, Taalkunde en Opstel saam. Die student het „Geschiedenis des Vaderlands” afsonderlik geneem van



*Wildebeesthoekskool, Distrik Pretoria, 1906*

„Algemeene Geschiedenis”. „Aardrijkskunde van Zuid-Afrika” en „Algemeene Aardrijkskunde” was ook twee afsonderlike vakke. Die geskiedenis en aardrykskunde van die eie land is dus twee vol vakke. Die vak Natuurkunde en Delfstofkunde getuig van die waarde geheg aan die kennis van minerale in die Transvalse Republiek as mynstaat. „Gymnastiek, Zang en Teeken” word deur die student geneem, daar is egter ook voorsiening vir Viool, Harmonium en Slöjd. Verder is daar ook 'n waarderingspunt uit vyf van die leerling se „Gedrag en Vlijt” en „Orde en Netheid”. Omdat die kandidaat nou vir onderwyser leer verskyn daar ook punte vir Opvoedkunde en Praktiese Onderwys. Hierdie het op die vorige kwartaal se rapport ontbreek.

Die laaste rapport in die boekie getuig van die onvermydelike. Dit strek oor die kwartaal 1 Juli tot Sept. 1899. Alhoewel al die punte vir die afsonderlike vakke ingeskryf is, ontbreek die verdere afronding van die rapport. Die onderwyser en koshuisvader het nie geteken nie, ook ontbreek die handtekening van die vader wat later aangebring moes word. Ons kan 'n voorstelling maak van wat 'n oorlogsverklaring meebring. Alles is in rep en roer, die Staatsmodelskool en Staatsgimnasium word gesluit (vir die

laaste keer) en die leerlinge vertrek na huis om met die ouers te beraadslaag. F. P. Coetze het by die Heidelbergse Kommando aangesluit, waar sy ouerhuis was.

'n Aantal bladsye van die Rapport-Boekje bly dus blank om te getuig van 'n onderbreekte studie en opleiding as onderwyser. Dit geld ook vir al die medestudente aan die Staatsmodelskool en Staatsgimnasium.

## DAARNA

Na twintig maande in die veld teen die vyand (Oktober 1899—Mei 1901) gewond en in krygsgevangenisskap op Bermuda (Augustus 1901—September 1902), vandaar na die Verenigde State van Amerika, aldaar in diens van Francis H. Leggett & Co., West Broadway, New York, Stock and Forwarding Agents, (vanaf September 1902 tot Maart 1903), het F. P. Coetze in 1903 sy passaat na die vaderland oorgewerk, om sy studies onder 'n nuwe bedeling voort te sit. Tuis by 'n getroude broer op Standerton, het hy vir een maand daar skoolgehou sodat 'n inspekteur 'n aanbeveling tot toelating tot die Pretoria „Normal College“ en die „Education Department“ Transvaal kon maak. Hierdie aanbeveling was gunstig, en die kandidaat studeer vanaf 1 Augustus tot 31 Desember 1903 aan die „Normal College“, Pretoria. Hy ontvang egter nie onmiddellik sy onderwyzersertifikaat nie. Blybaar moes hy eers op proef gaan skoolhou.

Die eerste skool waar hy diens aanvaar was die Wildebeesthoekskool, distrik Pretoria, vanaf 25 Januarie 1904 tot 23 April 1906. Hierdie skool wat onder die naam van 'n „Night School“ sorteer het, was geleë agter die Magaliesberg, naby Hornsnek. Dis 'n eenmanskool, die werk strek vanaf die substanderds tot standerd V. Die leerlinge moes blybaar bedags by hulle ouerhuse help werk om die honger en armoede van die deur af te hou en die plase weer op te bou, en kon dus alleen in die laat agtermiddae of aande skoolgaan. Die vergoeding van die onderwyser was £200 per jaar.

Gedurende 1904 het F. P. Coetze 'n „Holiday Course“ aan die „Normal College of Pretoria“ bygewoon en 'n afsonderlike sertifikaat hiervoor is deur die Education Department, Transvaal, uitgereik, soos volg:

This is to certify that Francois P. Coetze, after attendance at a Holiday Course, passed an Examination in *Dutch* on the work required for teaching Standards one to seven of the Elementary School Code.

Date 1st October,  
1904.

(Geteken) Fabian Ware,  
Director of Education.

Op 1 Januarie 1905 word 'n Teacher's Third-Class Certificate ( $O_3$ ) aan die onderwyser uitgereik, geteken deur J. E. Adamson, Director of Education. Ability to teach *Dutch* verskyn as endossement agterop.

'n Foto van die onderwyser en leerlinge van die Wildebeesthoekskool word hier afgedruk, omdat dit van kultuurhistoriese belang is. Die netjiese kleredrag van die leerlinge trek die aandag, hulle moes blybaar hulle beste

klere aantrek vir die neem van die foto. Die gemiddelde ouderdom is hoog, dis kinders en jongmense wat die oorlog en kampe oorleef het en nou 'n poging aanwend om verlore tyd in te haal. Die onderwyser het by Jopie Fourie se ouers ingewoon, en derde vanregs agter staan een van Jopie Fourie se jonger broers. 'n Ander leerling word aangewys as Pieter Cilliers (links agter). Dit sou interessant wees as die name van die ander leerlinge op die foto opgespoor kon word.

Sommige leef dalk vandag nog as vaders en moeders, grootvaders en grootmoeders van ons huidige jeug, en kon dus die onderwys en opvoeding wat hulle ontvang het verder dra. Ons volk het veel te danke aan die *Onderwyser*.

So het die onderwysinstellings in Pretoria, eers onder die Zuid-Afrikaansche Republiek, en na die oorlog onder die Education Department, Transvaal, hul aandeel gedoen aan die opheffing van die volk.

N. A. COETZEE.

---

## Oor die Nederlandse Verenigingslewe in Ou-Pretoria

IN 1954 het skr., met betrekking tot bogenoemde onderwerp, 'n aantal vrae gestel aan mnr. Oene C. Meek wat toentertyd 'n bekende prokureur op Heidelberg (Tvl.) was en 'n deel van sy lewensloop op Pretoria deurbring het. Soos uit die volgende besonderhede blyk, het mnr. Meek baie belang gestel in verskillende verenigings op Pretoria wat deur Nederlanders en oud-Nederlanders in die lewe geroep en in stand gehou is. Met hier en daar klein wysigings in die gebesigde spelling ten einde die leesbaarheid te vergemaklik, lê ons mnr. Meek, wat inmiddels oorlede is, se skrywe aan u voor.—Dr. Jan Ploeger.

Ik dank U wel voor uw schrijven van de 2de Maart en was zeer geïnteresseerd te vernemen dat U veel belang stelt in de historie van het Nederlands Gemeenschapsleven te Pretoria.

Natuurlik van dat voor de Anglo-Boeren-oorlog weet ik heel min, toen was ik nog te jong, hoewel ik mij nog goed kan herinneren dat mijn moeder herhaalde malen aangezocht werd lid te worden van de destijdse Friese Vereeniging. Zij had nogal veel gedaan, voor onze komst naar Zuid-Afrika in 1893, aan tooneelspelen in Holland en men had haar krachten nodig, maar we woonden destijs ver uit de stad, op het uiterste eind van Sunny-side, ver voorby de tramterminus en om 's avonds het dorp of de stad in te gaan was voor myn ouders byna een onmogelikheid.

Toen wy echter na de oorlog in 1906 terugkwamen te Pretoria, was het verenigingsleven op zyn hoogst. Eerst de Nederlandsche Vereeniging, het Hollands Mannenkoor, Onze Taal, Amicitia, De Vrije Wapenbroeders, De Pretoria Gymnastiekvereniging, Thalia, Asat, Evolutie, De Hollandse Voetbalvereniging, en ik weet niet wat al niet meer.

De Hollandse gemeenschap was groot en goed georganiseerd maar heel erg kliekerig. Ik was alleen lid van de V.W., de N.V., en later de H.V.V. en de P.G.V. De Vrije Wapenbroeders speciaal was erg kliekerig, waarschijnlijk de reden van zijn ondergang, maar toch was het voor de leden zeker een van de aangenaamste vereenigingen die ooit bestaan hebben. Zo ver ik mij kan herinneren hadden we heel min Afrikaners of andere niet-Nederlanders als lid. Ik kan mij alleen herinneren Anton Smit, broer van de latere Administrateur van die naam, de twee Sachses, halve Duitsers en enthousiastiese „Volunteers”, beiden, meen ik onderofficieren van de „Northern Mounted Rifles”, het „Pretoria Volunteer Regiment” van die dagen bij uitstek, een zekere Meyer, ook een Duitser, en dan de door U in uw artikel over de V.W. reeds genoemde Gate, die echter heel zelden zijn verschijning maakte, als de enige niet-Nederlanders.<sup>1)</sup> Er was ook 'n Junior V.W., maar daar weet ik heel min van. De geregelde opkomers waren Anton en Frits Valks, Connie en Harry Wabeke, Piet Hoogland, Willem van Wermeskerken, Roelof Schallies, Wouter Buwalda, ikzelf, Ten Krooden, Van Boven, de Haas (instrukteur), Jaap de Veer, de twee Bakkers, meer kan ik mij niet herinneren. De meesten van de geregelde opkomers waren ook buiten de Vereeniging heel intieme vrienden. We gingen altijd samen uit, natuurlijk niet allemaal te samen, maar vrijwel alleen met andere leden. Jaarlijks met Kerstmis en Nieuwjaar een grote gemengde piekniek, voor sommigen van vóór Kerstmis tot na Nieuwjaar, voor anderen eerst met Kerstmis en later met Nieuwjaar. Later gingen we samen met de Pretoria Gymnastiek Vereeniging, waarin zich ook zoo'n kern bevond, de drie Haaks, twee Maades, twee Thiels, Stutterheim, niet zo'n groot percentage van het totale ledental als by de V.W., maar toch de kern die de Vereeniging gaande hield. Onze dames gingen natuurlijk mee met de pieknieken, de dames, Gier, Maade, Haak, Van Wermeskerken, Van Bergen, en anderen.

Elke vereeniging had zijn eigen karakteristiek, de V.W., na Evolutie, wat men vandaag zou zeggen het meest links georiënteerd, maar harts-tochtelijk Nederlands patrioties, bijna allen kantoormensen en nog heel jong. Zoals U zeker zal weten waren onze kleuren die van Nederland, rooi-wit-blauw, die van het lint waarmee ons insigne aan het uniformjasje bevestigd was. Ons uniform dat van de Nederlandse marine, behalve wat de broek en schoenen betrof, want die waren wit; 'n licht-blauwe platte pet met het insigne van de V.W. voorop, en een donker-blauwe jas met dubbele rij zilveren knopen, en, alleen echter de meesters, een degen.

Van de P.G.V. waren de kleuren blauw-wit-blauw, het uniform 'n

donkerblauw jasje van veel lichter materiaal dan het onze, met een rij zilveren knopen, donkerblauwe platte pet, witte broek en witte schoenen. De leden waren veel meer gemengd en behoorden tot alle richtingen en ambachten en beroepen, ook waren er veel meer niet-Nederlanders lid van.

Ik heb nog mijn insigne, zowel van de V.W. als van de P.G.V. Ook 'photo's in uniform van Harry Wabske (Prokureur, reeds lang geleden overleden), Henk Bakker, afgetreden bouwkontrakteur in Kaapstad, Anton Valks en Frits Valks, beiden ook overleden, en van mijzelf.

Wat van de Notulen van de V.W. geworden is, weet ik niet. Ik was voor heel korte tyd Sekretaris en heb, zover als ik weet, het Notulenboek nooit in handen gehad.

Ik was zeer geinteresseerd te vernemen dat het Vaandel nu berust in het Nederlands Cultuurhistorisch Instituut van de Universiteit. Ik ben erg blij dat het gered is en zich bevindt in het Nederlandsch Cultuurhistorisch Instituut.<sup>2)</sup>

„Onze Taal”, „Amicitia” en ik meen ook „Thalia” waren Toneel- en muziekvereenigingen. „Onze Taal” ouder en deftiger, Amicitia jonger en minder deftig, en ik meen weer, „Thalia” op Gezina, waar toen heel veel Hollanders woonachtig waren. Elk van deze Vereenigingen had ook zijn eigen kliek, waarom de Vereeniging draaide en zonder welke de Vereeniging niet kon bestaan. „Asaf” was zo ver ik my kan herinneren de enigste Vereeniging met een kerkelijke basis. „De Hollandse Voetbal Vereeniging”, H.V.V., bestond grotendeels uit leden van de Staf van de Nederlandse Bank, maar had ook nog al wat niet-Nederlanders. De grote steunpilaar was Johny van Eeghen, thans bestuurder van een heel deftig bankiersbedryf te Amsterdam. Van Eeghen was voor de eerste Wereldoorlog een van de beste „Goalkeepers” te Pretoria, maar gaf des Zondags zijn diensten aan zijn eigen landgenoten, die hoewel maar zwakke voetballers, door zijn reuzenkrachten toch nog een geduchte Klub presteerden.

Ik denk de grootste Vereeniging wat ledental betreft, na de Nederlandse Vereeniging, was het Hollands Mannenkoor, ook bestaande uit mannen van alle richtingen en beroepen. Ik heb bijna de Nederlandse Vrvmetelaarsloge „De Broederband” vergeten, die destyds vrywel uitsluitend Nederlands was en in het Hollands werkte.

Ik weet niet of U het al geprobeerd heeft, maar U zal zeker heel veel bouwstof voor Uw geschiedenis van het Nederlands gemeenschapsleven te Pretoria kunnen verkrygen uit oude jaargangen van de Vrye Opmerker en de Spectator. Beide bladen zyn al heel lang dood en de drukkeryen waar ze respektievelik gedrukt werden bestaan niet meer. De Vrye Opmerker bestond reeds in 1906 onder redaksie van een van de zonen van prof. Muller, destyds Hervormd Predikant te Pretoria. De Spectator, door myn vader uitgegeven, bestond nog in 1918. Meer bijzonderheden kan ik U niet verstrekken. Dan is er natuurlik de „Volkstem” waar zeker heel veel informasie uit te verkrygen is, vooral voor het tydperk voor de Anglo-

Boeren-oorlog, toen de hele redaksie uit Nederlanders bestond.

Wat de oude heer Wessel Louis betreft, hem heb ik sover ik weet nooit persoonlijk ontmoet. Mijn eerste onderwijs te Pretoria na een begin in Pietermaritzburg en later in Friesland te hebben gemaakt, was by de toen nieuw opgerichte Oosteindschool te Pretoria, in de Prinsloostraat, tussen Kerk- en Pretoriusstraat in 1897. Onze boekhouder hier, de heer Ouboe Viljoen, byna 75 jaar oud, was een van die leerlingen van de heer Louis, maar kan zich geen dochters herinneren.<sup>3)</sup>

- (1) Omstreeks 1952-1953 in „Kommando” (oor die geskiedenis van die skermkuns op Pretoria, soos beoefen deur die lede van die V.W.).
  - (2) Deur bemiddeling van dr. J. A. Valks en skr. aan die genoemde Instituut oorgedra.
  - (3) In die gesin was daar een dogter, mej. Cato Louis.
- 
- 

## DIE AMPSWONING VAN CONYNGHAM GREENE

**M**INDER as drie jaar voor die uitbreek van die Anglo-Boere-oorlog, Oktober 1899, het Conyngham Greene, die laaste Britse Verteenwoordiger in die Zuid-Afrikaansche Republiek, sy ampswoning in Sunnyside, Pretoria, betrek.

Alreeds in 1896, kort na Greene se aankoms in Pretoria, gedurende Desember 1896<sup>1)</sup>, het die Britse Regering aandag geskenk aan 'n woning vir die nuwe verteenwoordiger van die Britse Regering in Pretoria, Conyngham Greene.<sup>2)</sup>

Aanvanklik is die aankoop van 'n perseel waar 'n geskikte woning en kantore opgerig kan word, beoog.<sup>3)</sup> Die planne vir hierdie nuwe woning was alreeds opgetrek deur die Britse regering.<sup>4)</sup> Nogtans het die Britse regering nog voorstelle van Greene ingewag na sy aankoms te Pretoria.<sup>5)</sup> Alreeds dieselfde jaar, 1896, het die Britse Agent voorgestel dat die woning van G. T. Bourke, Rissikstraat, Sunnyside,<sup>6)</sup> wat baie geriefliek geleë was en die volgende jaar, 1897, met 'n tram na die midde-stad verbind sou word, as ampswoning vir die Britse Verteenwoordiger in die Zuid-Afrikaansche Republiek, aangekoop word.<sup>7)</sup>

Goedkeuring vir die aankoop van Bourke se woning is egter nie onmiddellik verleen nie, want die „Secretary of State”, Chamberlain, wys daarop dat indien 'n woning aangekoop word waarby die nodige wysigings vir kantore nie aangebring kan word nie, 'n verlaging van die Britse Verteen-

woordiger se diplomatieke status meegebring kan word<sup>8)</sup>. Intussen moes Greene egter vasstel of die nodige veranderinge aan Bourke se woning moontlik is en of dit aangebring kan word vir 'n bedrag minder as £2000.<sup>9)</sup>


Tesouriegoedkeuring vir die aankoop van Bourke se huis teen 'n bedrag van £12,000 is verleen<sup>10)</sup> nadat ook vasegestel is dat geen ondergrondse waterstrome op die perseel is nie.<sup>11)</sup>

Die transaksie is op 20 Januarie 1897 beklink en die erwe in Rissikstraat tussen Mear- en Joubertstraat, Sunnyside, waarop Bourke se woning gestaan het, word Britse eiendom.<sup>12)</sup>

Die Britse Verteenwoordiger, Conyngham Greene, moes hierdie nuwe woning voortdurend in 'n goeie verhuurbare toestand hou, teen sy eie koste en ook jaarliks £300 huur betaal<sup>13)</sup>. Later, 1898, het die Britse regering ook fondse beskikbaar gestel vir die verf van die dak.<sup>14)</sup>


Met die deurgaan van die korrespondensie in die argief van die Britse Agent<sup>15)</sup>, kan 'n idee verkry word van die bedrywighede van Green, 1896-1899, in sy woning te Sunnyside.

Greene het blykbaar baie probleme ondervind met die oopmaak van



*Die eertydse ampswoning van Conyngham Greene. Die presiese plek waar die ultimatum oorhandig is, word vandag aangedui deur 'n gedenkteken tusssen die twee damestehuise, regoor die hoofingang van die Pretoriase Onderwyskollege in Rissikstraat.*

*Die drie foto's by hierdie artikel is afkomstig uit die Fotoversameling van die Transvaalse Argiefbewaarplek.*



*Personeel van die Militêre Goewerneur, sir J. G. Maxwell, op die stoep van die Britse Residensie, die tydelike woning van die Militêre Goewerneur.*

posstukke deur die Geheime Speurpolisie van die Zuid-Afrikaansche Republiek. Hierdie inspeksivering van Britse posstukke lei tot 'n spesiale reëling met die Staatsekretaris van die Transvaal vir die versending van pos op Vrydae.<sup>16)</sup>

Tydens een van hierdie onderhoude tussen Greene en F. W. Reitz, Staatsekretaris van die Z.A.R., het Reitz sy misnoë oor die optrede van die Geheime Speurpolisie te kenne gegee. Die Britse Agentskap, Pretoria, haal hierdie gesprek van Reitz aan in hulle korrespondensie aan lord Milner, Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika: „He (Reitz) said he had recently had occasion to visit an Hotel smokingroom with a comparative stranger residing there, when to his surprise he noticed an unpleasant-looking individual sitting behind his shoulder, and evidently listening to his conversation. He presently rose and asked the waiter to whom he was known as the State Secretary, who the suspicious-looking individual was, when he was informed in a whisper that he was one of the Commissioner of Police's secret service Detectives”.<sup>17)</sup>

Die onderhandelinge oor die Uitlandergriewe tussen die Z.A.R. en Brittanje, 1897-1899, is via hierdie woning, van die Britse Agent in Sunnyside, gevoer.<sup>18)</sup> Hierdie onderhandelinge is egter op Maandag, 9 Oktober



*Lord Roberts voor die  
Britse Residensie gedurende  
1900.*

*FIELDMASCHAL, LORD ROBERTS, AT PRETORIA  
W.A.R. 1900.*

*Photo van Hoch*

1899, tot 'n hoogtepunt gevoer toe Ten Haaff, Eerste Klerk van die Departement van Buitelandse Sake van die Transvaal, om 5 nm., die Republiek se ultimatum aan Greene, in sy woning, oorhandig het.<sup>19)</sup>

Greene en sy personeel het moontlik onmiddellik na die vertrek van Ten Haaff begin met die deurlees en vertaling van die Transvaalse ultimatum, wat in Nederlands opgestel was, waarna lord Milner blybaar ook binne enkele oomblikke die eerste kodetelegram in verband met die ultimatum nog dieselfde aand ontvang het.<sup>20)</sup> Later, dieselfde aand, het lord Milner nog twee kodetelegramme van Pretoria ontvang.<sup>21)</sup>

Die laaste dokument aan die Z.A.R. se regering van Brittanie wat in hierdie woning gehanteer is voor die aanvang van die Anglo-Boereoorlog, 1899, die Britse antwoord op die Transvaalse ultimatum, het Green op 11 Oktober 1899 ontvang.<sup>22)</sup>

Eers nadat krygwet deur die Z.A.R. op 11 Oktober 1899 afgekondig is<sup>23)</sup>, het Greene op 12 Oktober 1899 sy woning, ten volle gemeubileerd

agtergelaat.<sup>24)</sup> Minder as 'n jaar later, na die besetting van Pretoria, 5 Junie 1900, word hierdie selfde woning die militêre hoofkwartier en tydelike woning van die Pretoriase Militêre Goewerneur, maj.-genl. sir J. G. Maxwell.<sup>25)</sup>

Hiera, 1922, het die Britse regering die perseel aan die regering van die Unie van Suid-Afrika verkoop<sup>26)</sup> en later is die Dameskoshuise van die Pretoriase Onderwyskollege, in Rissikstraat tussen Mear- en Joubertstraat hier opgerig.

- (1) Britse Agent (Hierna B.A.) Correspondence from H.C., 1/96.
- (2) B.A., From H.C., 7/96.
- (3) B.A., From H.C., 27/96.
- (4) B.A., From H.C., 27/96.
- (5) B.A., From H.C., 7/96.
- (6) Erwe nommers 35, 36, 48 en 49 in Sunnyside. Transportakte.
- (7) B.A., To H.C., 4/97.
- (8) B.A., From H.C., 38/97.
- (9) B.A., From H.C., 35/97.
- (10) B.A., From H.C., 4/97.
- (11) B.A., From H.C., 34/96; To H.C. 31/96.
- (12) Register vir transportakte vir erwe 35, 36, 48 en 49 in Sunnyside, Pretor:a.
- (13) B.A., From H.C., 136/97; B.A., From H.C. 57/98.
- (14) B.A., From H.C., 214/98.
- (15) Die argief van die Britse Agent is gehuisves in die Transvaalse Argiefbewaarplek.
- (16) B.A., Band 38, Tampering with official Correspondence in S.A.R.
- (17) Ibid.
- (18) Vergelyk die Minuteregister van die Britse Agent.
- (19) De Volksstem, 11/10/1899.
- (20) Milner Papers, F.K., 1109, p. 462.
- (21) Milner Papers, F.K., 1109, pp. 463-475.
- (22) Milner Papers, F.K. 1109, p. 481.
- (23) Staatskoerant van Z.A.R., 11 Oktober 1899.
- (24) RA 3811/99 en C.S. 922/02.
- (25) C.S. 922/02.
- (26) Register van transportakte vir erwe, 35, 36, 48 en 49.

— J. M. SCHOE MAN.

---

## *The President and the Rose*

IS there any town more redolent of roses than Pretoria? Here these blooms maintain their magnificence for months. For in spite of competition from that "parvenu" the jumped-up jacaranda, Pretoria still has its reputation as a "rose-red city" dating from the earliest time . . . Let me revive a memory of things past.

One summer Saturday about the year 1897 there took place in Pretoria the third annual exhibition of the recently formed "Rose Show Society". The venue was the Market Hall, tastefully decorated for the occasion, we are told, with flags, evergreens, etc. by a Mr. Bouwkamp.

On the left hand side, a platform had been raised for the Volunteer Band, and from this His Honour the President was to have made his speech, but through a misunderstanding on the part of the gentlemen deputed to escort His Honour from his house, the party arrived at the Hall a quarter of an hour too early. The result was that the band which should have played the 'Volkslied' had not arrived; only one or two Committee Members were there to receive him, and it was not till several minutes had elapsed, that the National Anthem was struck up. His Honour naturally annoyed, left the Hall in spite of all remonstrance, entered his carriage and drove home. Some Committee Members drove down to the Presidency, but on arrival found that His Honour was in the Church attending the Nachtmaal Service. Mr. Advocate Wessels, in a speech delivered shortly afterwards, explained the situation to those present, and said that as far as he could see, the only course open was to offer His Honour a public apology."

This contretemps appears to have dimmed the lustre of an occasion already marred by a poor growing season since "windy dusty weather accompanied by showers of rain" had recently been experienced. Summing it up, it was reported that "taken as a whole the show could not compare with previous exhibitions in spite of the energetic efforts of Mr. Hess, the Secretary and his co-workers . . . Financially the Show was successful; there being a good attendance both afternoon and evening, but this was the only redeeming feature."

Now gardeners in general and rosarians in particular, will be interested to learn what a Rose Show was like nearly 70 years ago. First of all let us consider the judges, these were Messrs. W. Nelson F.R.H.S. (Booysens Nurseries Johannesburg), R. Adlam (Joubert Park, Johannesburg) and Fuchs (Rand Nurseries, Braamfontein), all — it will be observed — professional and imported persons.

Secondly one is struck by the astonishing variety of roses then grown, since there were classes to show no less than 36, 24, and 12 varieties, one or more blooms of each. Other classes were concerned with colour, such as maroon, light crimson, rose, pink, yellow, yellow-tinted pink and variegated.

Then the following roses — as well they might — had specific classes of their own, Marechal Neil, La France, Marie van Houtte, Madame Berard, Sultan of Zanzibar and Captain Christy. Who — I wonder — grows all or any of these today?

Then — as now — there were classes for children in age groups, with a prize for the best bouquet, made in the presence of members of the Com-

mittee. A little Graaff Reinetter aged six, it is pleasing to note, walked off with a special prize.

I doubt if Miss Constance Spy would have approved of any of the table decorations, but one almost gross exhibit of 125 blooms was firmly condemned by the judges as "unsuitable and untidy". In the evening a Promenade Concert was given by the band. Surely this is a practice worthy of imitation!

Incidentally filial pride induces me to record that on this occasion my father took 10 1st and 2 2nd prizes.

For the benefit of old timers I append the names of the Committee. They were Mr. Wessels (Chairman), Sir Jacobus de Wet, Dr. Leyds, Justice Ameshoff and Landdrost Schutte.

Finally let me say I would have liked to have acknowledged the source of my material. It is from an undated cutting found in a family collection of such trifles. It may be from the 'Volksstem'.

26/5/1965.

— C. W. L. DE SOUZA.

---

---

## Die Konsentrasiekamp te Meintjieskop

MEINTJIESKOP is vandag allerwee bekend as die randjie waarteen die indrukwekkende Uniegebou met sy pragtige tuine geleë is. Dit is egter nie so bekend nie dat gedurende die Anglo-Boere-oorlog (1899 - 1902) 'n konsentrasiekamp in die kop se nabyheid was.

Gedurende 1901 was daar orals in Transvaal en die Oranje-Vrystaat etlike konsentrasiekampe waarin die Britse leër 'n paar duisend Boere-gesinne gehuisves het. Wat die doel met die kampe was, is nie hier ter sake nie, maar wat wel nodig is om te sê, is dat daar feitlik in elkeen van die bestaande kampe 'n klein hoeveelheid mense was wat lojaalgesind teenoor die Britse owerheid was. Hulle lojaliteit was van so 'n aard dat alhoewel hulle Boere-gesinne was, die mans bereid was om die Britse leër op die een of ander daadwerklike wyse by te staan. Baie gou is die mans dan ook in aparte eenhede georganiseer waarvan die „National Scouts“ die bekendste is.

Toe die Britse parlement in die loop van 1901 'n komitee, bestaande uit 'n aantal vooraanstaande dames, saamgestel en uitgestuur het met die doel om vas te stel waarom daar soveel klages oor die kampe in die pers verskyn, het hulle onder andere aanbeveel dat geen kamp se inwonertal die drieduisend merk mag oorskrei nie. Aangesien daar etlike kampe was waarvan die inwonertal heelwat hoër was, moes daar 'n aantal nuwe kampe gestig word. Veral in Natal is toe etlike nuwe kampe opgerig.

Die gedagte was om die inwoners wat vir Irenekamp te veel was, te stuur na 'n kamp wat te Olifantsfontein gestig sou word. Maar in plaas daarvan om van laasgenoemde terrein gebruik te maak, is die nuwe kamp op 11 Januarie 1902 te Meintjieskop aangelê. Meintjieskop het die voordeel besit dat die kamp binne die kordon van blokhuisse, wat Pretoria omring het, geleë sou wees en terselfdertyd ook van die dorp se sanitêre geriewe gebruik kon maak. Aan beskerming sou dit nie ontbreek nie, want bo-op die randjie en toe noordoos van Pretoria, waarskynlik in die omgewing van Brynterion vandag, was 'n blokhuis of wagterskuiling wat as „Johnston's Redoubt“ bekend gestaan het. Net onderkant hierdie waghuis het majoor Hoskins die Meintjieskopkamp uitgelê.

Die eerste groep inwoners van Meintjieskopkamp is aanvanklik eers naby Bronkhorstspruit in 'n klein kampie gehuisves. Daarvandaan is hulle nader aan Pretoria gebring en het hulle 'n tydlank te Hove'sdrift gewoon. Toe Meintjieskopkamp dus vroeg in Januarie 1902 aangelê is, was hulle die eerste intrekkers daarvan. Hierna het nog heelwat meer gesinne vanuit ander kampe gekom. Geleidelik het die inwonertal aangegroei totdat sowat 650 vroue en kinders daar woonagtig was. Hulle mans het hoofsaaklik in die Britse leër gedien, daarom was daar feitlik geen mans, met die uitsondering van 'n paar grysaards, in die kamp gewees nie. Die „National Scouts“ self het eers gedurende Mei 1902 hulle opwagting in die kamp gemaak omdat hulle eenheid op daardie stadium ontbind is. Dit wil ook voorkom asof sommige van die latere inwoners van Meintjieskopkamp, veral nadat vrede gesluit is, uit persone bestaan het wat nie aan die „National Scouts“ behoort het nie. Hulle was egter ver in die minderheid.

Die Meintjieskopkamp het blykbaar 'n redelike sterk ooreenkoms met die reeds bestaande kampe gehad. Dit was skaars uitgelê, waarskynlik volgens die ou patroon, toe die nuwe Direkteur van die Transvaalse kamp-administrasie, majoor S. J. Thompson, 'n besoek daar kom aflê het. Op sy bevel moes die kamp feitlik oor uitgelê word, want die latrines, bad- en wasplekke asook die hospitaal moes alles na ander posisies binne die kampgrens verskuif word.

Hierdie verskuiwing het baie werk meegebring aangesien die terrein baie klipperig was. Die werk is deur 'n twintigtaal Bantoe-arbeiders, wat 'n korporaal Standers by Rietfontein gaan haal het, verrig. Hulle was egter skaars twee maande in die kamp werksaam toe hulle die kampowerheid in kennis stel dat oestyd aanstons sou aanbreek en dat hulle dus wil vertrek. Weens die gebrek aan mans in die kamp en omdat daar ook geen hoop was om ander arbeiders in hulle plekke te kon kry nie, het die kampsuperintendent hulle daagliks loon tot 2/- verhoog met die hoop dat hulle dan langer sou aanbly.

Die verhoging het egter slegs hulle vertrekdatum met 'n maand uitgestel want nog voordat die superintendent toe weer met hulle kon onderhandel, was hulle skoonveld. Dit het die werksaamhede in die kamp baie vertraag omdat weinig geskikte plaasvervangers gevind kon word.

Met die vertrek van die groep Bantoes, was baie van die geboue nog onvoltooid. Die hospitaal- en skooltente het bv. nog geen vloere gehad nie. Altwee die inrigtings was feitlik elke dag in gebruik en die baie voete wat daagliks daarin rondgetrap het, het die grond sommer gou tot stof gemaal. Die enigste uitweg wat die superintendent aan kon dink, was om 'n paar vroue te nader om 'n harde kleivloer te lê. Teen 'n vergoeding van 15/- het hulle die twee groot tente wat as skoolvertrekke moes dien, van 'n vloer voorsien. Die superintendent kon egter hierna geen vrou meer oorreed om ook vir die hospitaal 'n vloer te lê nie. Eindelik het vier seuns hom tegemoet gekom en dit vir 'n £1 gedoen.

Tydens die stigting van die kamp te Meintjieskop was M. J. Stucki die opsigter maar in Februarie is hy deur majoor A. M. Lloyd vervang wat tot aan die einde van die kamp se bestaan as superintendent opgetree het. 'n Paar van die klerke het hom met die administratiewe pligte bygestaan.

Dr. T. Moffat was aanvanklik die kamp se geneesheer maar is later deur dr. J. Wotherspoon, voorheen van Irene-kamp, en dr. Pearce opgevolg. Mej. E. Bolton, in die hoedanigheid as suster, het met twee assistente die hospitaal behartig. Later is mej. Courtenay Clarke as die kampmatrone aangestel en sy was daarvoor verantwoordelik dat behoeftiges allerlei benodigdhede kon bekom hoofsaaklik in die vorm van klerasie.

Die kamp se skool het aanvanklik onder 'n mej. O'Shea en sedert Julie, onder mej. Plumb geressorteer. Dit was blybaar nie 'n baie groot skool nie want slegs twee tente is gebruik. Die superintendent meld in een van sy verslae dat, „attendances are good, and the parents very anxious to have their children taught — English particularly.” Gedurende Oktober het 'n groot storm etlike tente in die kamp omgewaai. Albei die skooltente het in die slag gebly maar gelukkig is geen leerlinge besoer nie. Van die skoolmeubels het egter weinig oorgebly.

Die superintendent het aanvanklik daaraan gedink om 'n aparte tent as Kerkgebou vir die kampbewoners op te slaan. Hulle het dit blybaar van die hand gewys aangesien hulle een van die skooltente daarvoor gebruik het. Anders as wat dit met die ander kampe die geval was, het geen predikant in die kamp kom dienste hou nie. Dit was nie 'n geval dat geen predikant beskikbaar was nie, want ds. H. S. Bosman van Pretoria, het byvoorbeeld toestemming van die militêre goewerneur gehad om elke tweede week 'n besoek aan Irene-konsentrasiekamp te bring. Waar Irene agt myl buite Pretoria geleë was, was Meintjieskop teenaan die dorp.

Die betreklike onbekendheid van Meintjieskopkamp kan aan 'n paar redes gewy word. Ten eerste het die groter kampe hul bekendheid te danke aan die groot kerkhewe wat vandag nog die kampe se monumente is. Die groot kerkhewe was die resultaat van swak behuising, swak gesondheidstoestande en gebreke in die kampadministrasies. Hierdie toestande was feitlik in Meintjieskopkamp afwesig. Slegs agt persone het in laasgenoemde kamp tot sterwe gekom — meestal van natuurlike oorsake.

Hulle is blybaar elders begrawe want daar bestaan vandag geen kampkerkhof in die omgewing nie. (Die naaste Kerkhof was dié een aan die oostekant van Hove'sdrift, wat 'n aantal jare gelede na elders verskuiwe is.—Redakteur.)

Ten tweede het die meeste groot kampe hul bekendheid te danke aan die hoeveelheid „propaganda” wat hulle geniet het. Omdat daar heelwat dinge was wat in die kampe geskort het, is hulle dikwels deur persone besoek met die doel om die swak toestande aan die lig te bring. In dieselfde trant en met dieselfde doel het die inwoners van die kampe, waarvan die meeste daarin gedwing was, later hulle ervarings en ondervindings laat publiseer. Op dié wyse het ons nie net van hierdie kampe kennis bekom nie, maar dit het ook bygedra tot die vorming van 'n besondere beeld van die konsentrasiekampe in die algemeen. Ook hierdie faktor, vir sover as wat vasgestel kan word, het in die geval van Meintjieskopkamp ontbreek, want geen inwoner van Meintjieskopkamp het sy „griewe” gepubliseer nie.

Oor die voedselvoorsiening was daar in die ander kampe baie klages. Die Britse owerheid het voedsel aan alle kampinwoners volgens vasgestelde rantsoenskale gratis verskaf. Dit mag wees dat Meintjieskop in dié opsig beter behandel is alhoewel daar genoeg redes verstrekkend kan word om dié teendeel te kan beweer. Die superintendent-verslae maak slegs daarvan melding dat die voedsel van goeie gehalte was.

Siektes, net soos in die ander kampe, het ook etlike mense in Meintjieskopkamp die bed laat hou. Dit blyk egter dat die groot maselepandemie van 1901 teen 1902 feitlik uitgewoed was en dat ander aansteeklike siektes toe ook minder straf voorgekom het. Runderpes het egter op 'n stadium onder die vee in die kamp uitgebreek en tien beeste het daarvan gevrek. Dit was hoofsaaklik melkkoeie en gevolglik was dit 'n groot verlies.

Die konsentrasiekamp te Meintjieskop is op 15 Desember 1902 gesluit en het slegs elf maande bestaan. Dit was nooit tot sy maksimum gevul nie, trouens dit was op die meeste maar sowat driekwart vol.

#### **BRONNE :**

In die Argief te Pretoria is die maandverslae van die superintendent van die Meintjieskopkamp gebundel in die groep wat „Supplementêre Stukke Konsentrasiekampe” gemerk is. Ook is van die Geologiese Kaart 2/88, opgestel deur Britse geoloë, gebruik gemaak.

— J. L. HATTINGH.

# Kultuuraktiwiteite van die Pretoriase Jeug Tussen 1883 en 1913

DIÉ eerste Jeugvereniging in die Zuid-Afrikaansche Republiek skyn dié te wees wat te Pretoria deur wyle ds. (later dr.) H. S. Bosman op 20 April 1883 opgerig is met die doel om „het geestelijk en zedelijc welzijn van elkander en ook van anderen te bevorderen“ deur middel van „Bijbelbespreking, de behandeling van Kerkgeschiedenis, en het lezen van Gods-dienstige werken.“ Dit het geheet: **Christelijke Jongelings-vereniging te Pretoria.**

Na dit voorkom, het die Vereniging, moontlik in ietwat gewysigde vorm, bly voortbestaan, want volgens 'n skriftelike mededeling van wyle dr. (destyds ds.) H. D. A. van Broekhuizen het hy in November 1898 voorsitter van die C.J.V. in Pretoria geword en dit tot Julie 1900 gebly toe hy op kommando gegaan en later 'n „paar maande in die Pretoria Tronk gesit het.“

Aan hierdie stukkie verenigingslewe en kulturele arbeid in Pretoria het die Tweede Vryheidsoorlog ook 'n einde gemaak. Maar na die Vrede van Vereeniging in 1902 het die Afrikanervolk weer uit die as van sy verlore worstelstryd opgestaan en is daar benewens die politieke stryd, ook 'n „vredesstryd“ om die volk se taal- en kultuurbehoud aangeknoop. Ook op die terrein van die kultuurontwaking neem Pretoria weer die voortou.

Op 15 November 1904 ontstaan daar naamlik op initiatief veral van ds. W. P. Steenkamp van die Ned. Herv. of Ger. Gemeente Pretoria die **Pretoria Christelike Jongelieden Vereniging** wat tot doel gehad het om die jong Afrikaners van die hoofstad op „Christelik-nationale wijze bijmekaar te bringen, en door die omgang bijmekaar te houden.“ In die Vereniging is daar oor nasionale en ander belangte gedagtes gewissel en is die lede geleer om die Afrikaans-Hollandse element te handhaaf, en in hierdie en ander verenigings is dit waar die Afrikaners van die toekoms gevorm is.

Die P.C.J.V. het soveel byval gevind dat dit teen April 1905 reeds uit meer as tweehonderd lede bestaan en ook in ander oogsigte in 'n besonder bloeiende toestand verkeer het. Die vergaderings is al om die ander Dinsdagaand gehou in die Susannasaal wat soms tot agter gevul was. Die werkzaamhede het behels: 'n joernaal en 'n debat om die beurt, voordrage, lesings, improvisasies, asook musiek deur die lede van die Vereniging, deur 'n gemengde koor, en deur 'n musiekkorps wat onder die leiding van prof. W. van Oosten gestel is en 34 „flink bespeelde Franse instrumenten telt.“ Elke vergadering is met gesang en gebed geopen, en gesluit met gesang en „akkompagnement van het musiek-korps.“ Die vergaderings is gekenmerk deur die manlike Christelike strekking en „een gezellig beschaaif nationale toon“ wat sonder twyfel 'n groot invloed uitgeoefen het op die vorming van vele manne. Die Vereniging was inderdaad die rendez-vous van die Afrikaanse jeug in Pretoria en dit is as 'n halwe skande beskou as

'n jong persoon van die Hollandse Kerke nie daaraan behoort het nie.

Blykens die voorsitter se verslag op 16 Mei 1905 het die Vereniging 26 erelede gehad en tot die geledere van sy erebeamptes het teen Augustus 1908 toegetree die here genls. Botha en Smuts, ministers De Villiers en Rissik, dr. S. O. Los, prof. dr. P. J. Muller, ds. Ruijsch von Dugteren, konsul-genl. Knobel, mevv. P. J. Joubert en S. van Wijk, ens., terwyl dr. H. S. Bosman tot in 1925 die erevoorsitter gebly het.

En die voormanne en leiers van daardie dae het die Vereniging ook daadwerklik geseun deur toesprake en lesings te lewer of aan opbouende debatte en beoordelings deel te neem. So byvoorbeeld hou genl. Smuts in 1905 'n lesing op 18 Julie, genl. Beyers 'n toespraak op 29 Augustus, genl. Botha 'n toespraak op 10 Oktober.

Verder gee ds. H. S. Bosman 'n lesing oor „Darwinisme”, praat Jan Celliers oor „Kuns in die Algemeen”; gee dr. M. L. Gunning van die Dieretuyn sy „Reis- en andere indrukken” weer; behandel die Nederlandse konsul-genl. Knobel „Stambelangen”; hou prof dr. P. J. Muller 'n lesing oor „Spiritisme”, behandel dr. Kiewiet de Jonge „Taal en Stamverwante Belangen,” en praat genl. Hertzog op 18 Oktober 1910 „Over de opvoedingskwestie in Zuid-Afrika.”

Oor 'n groot verskeidenheid onderwerpe is daar **debat** gevoer. Nou eens gaan dit oor die vraag: „Mogen vrouwen tot die hogere professies toegelaten worden?”, dan weer oor: „Wat is beter, verbranden of begraven van lijken?” of oor: „De al of niet wenselikheid om die drankhandel in Regeringshanden te stellen.” Op 6 Februarie 1906 word debat gevoer oor: „Waarom wordt er in ons land zo weinig gelezen? Wegens het lage peil der opvoeding, of wegens gebrek aan geschikte lektuur?” tussen ds. Klopper en adv. Tielman Roos. Op 14 Julie 1908 debatteer dr. S. O. Los en ds. H. D. A. van Broekhuizen die kwessie: „Is het wenselik dat het tegenwoordig stelsel van onsektariese scholen vervangen zal worden door een stelsel van kerkscholen door 't Goevernement ondersteund?” Die vraag: „Is het wenselik die doodstraf af te schaffen?” word op 25 Augustus 1808 deur advv. T. Roos en G. Wolmarans betwis toe die groot meerderheid „stemde tegen afschaffing.”

Ook **interdebatte**, soms drieledig, is gereeld gehou tussen die P.C.J.V. en ander verenigings waarvoor daar mettertyd al hoe meer ontstaan het. Die P.C.J.V. (soms Pret. K.J.V. genoem) voer op 9 Maart 1909 interdebat met die **Burgerrecht K.J.V.** oor: „Zal het gele ras mettertyd 'n gevaar worden voor het blanke ras?” En op 2 November 1910 hou bogenoemde twee verenigings saam met die **Jongelings Vereniging ,Dient Elkander'** 'n driehoekige debat oor: „Wat heeft groter invloed op een volk: de Kerk, de School of de Pers?”

As onderdele van die P.C.J.V. was daar die „Fanfare Korps” en die gemengde „Zangvereniging” wat gestaan het onder die leiding van prof. Van Oosten. Die instrumente vir die musiekkorps het by die £300 gekos, ter bestryding waarvan die Vereniging op Dinsdag, 4 April 1905 om 6 nm.

'n promenade-konsert in die Dieretuin gereel het. By die geleentheid is te koop aangebied verversings, blomme en plante en „'n hoogst aangename avond werd ten einde gebracht door een souper” wat deur die dames van die **Zusters vereniging** verskaf is.

Van hierdie, soos hy dit beskryf, „reusagtige tuinpartij” deel dr. W. P. Steenkamp onder ander mee dat „die bye woelig geword het met die koek en suikergoed en 14 ape doodgesteek en die leeus aangepak het.” Ewenwel het die totale ontvangste, met toegang slegs 1/-, digby die £200 bedra.

Kort daarna is die Vereniging se skuld ten volle vereffen toe die heer Erasmus sy belangstelling getoon het deur aan die Vereniging 'n geskenk van £115 te doen, waarvoor daar aan die skenker by 'n resepsie op 25 Mei 1905 dank betuig is. Op daardie aand is ook die Vereniging se halfjarig bestaan feestelik gevier en is daar „lustig gesnaterd, gekeuveld, gekout en gekauwd ook.”

Die **joernaal** het ook 'n vername plek in die verenigingslewe ingeneem. Melding word gemaak van 'n joernaal wat op 25/4/1905 gelees is met inleidingsartikel oor „Die toekomst der Afrikaner”, en op 23/1/1906 het die inleidingsartikel van die joernaal gegaan oor „Onze Volks-Standaarden.”

Ten opsigte van **wedstryde**, eers voordrag- en later (in 1912/13) die bekende sangwedstryde, het die P.C.J.V. ook die voortou geneem „inzake het aanmoedigen van die jongelieden om zich toe te leggen op het voordragen in het publiek.”

Aan die eerste voordragwedstryd op 18 Mei 1909 het ruim 'n dosyn mededingers deelgeneem — leerlinge van St. VI tot en met die Matrikulasieklas — wat in die Hollandse of Afrikaanse Taal prosa of poësie moes voordra. As beoordelaars tree op genl. Beyers, ds. Bosman, dr. Los en konsul Knobel. Die Susannasaal was die aand propvol terwyl verskeie van die voordragte „wezenlik uitstekend” was. Die 1ste, 2de en 3de prys is onderskeidelik toegeken aan jongejuff. Van den Burg, Volkers, en Lombard, en die spesiale prys aan jongheer A. van der Meulen.

In September van dieselfde jaar vind die tweede voordragwedstryd plaas, vir skole in Pretoria, Std. VII en daarbo. Voordrage is beperk tot Jan Celliers se gedigte wat verskyn het in „Die Vlakte” en die aand is om die rede Celliers-aand genoem. Die digter het self 'n spesiale prys gegee (benewens die drie prys ter waarde van ongeveer £5) en doen ook die prysuitdeling soos volg: 1ste prys, C. Potgieter, **Een Snaakse Vrijery**; 2de prys, Lena van Rooyen, **Klein Ondeug**; 3de prys, Anna Lombard, **Japie Greyling**; en 4de prys, F. Henney, **Die Veldbrand**.

Konsul Knobel, ds. Bosman en adv. Jacobz tree op as beoordelaars. Ook wek die P.C.J.V. groot belangstelling deur en trek goeie opkomste met sy sogenaamde **Parlementêre Aande**, waarvan daar een op Dinsdag-aand 22 September 1908 in die Susannasaal gehou is. Die „Speaker” was die heer G. Hofmeyer en die Eerste Minister en Minister van Landbou: adv. De Wet; terwyl ds. Van Broekhuizen die Koloniale Sekretaris en Minister van Opvoeding was.

’n Flinke en kragtige opposisie is gevorm onder leiding van die heer J. Kühn, ondersteun deur die here D. Lessing, M. L. Gunning, P. J. Kotze, L. v.d. Poel en andere.

Die Parlement is „conforma geopend; een onderwyswet wordt door de Min. van Onderwys ingediend, de Prokureur-genl. handigt een Petisie in voor Vrouwen-stemrecht en de Min. van Naturellezaken een Wet voor het Naturellenstemrecht . . .”

Op 22 Maart 1910 sou daar weer eens so ’n „Parlementair debat” plaasvind oor die wetsontwerp wat by die formele opening van die „Parlement” op die 8ste voorgebring is, naamlik „n Verdedigingsmacht voor Zuid-Afrika.” Die verskillende „ministers” moes die vrae beantwoord wat die lede van die „Huis” stel, en die Minister van Oorlog, dr. D. du T. Malherbe sou die Krygswet afkondig.

Die parlementêre aand is op die 5de April voortgeset, asook die verdere besprekings van die konsepwet rakende ’n Verdedigingsmag vir Suid-Afrika.

Omstreeks begin 1910 skyn dit asof die gereelde veertiendaagse ver rigtings van die P.C.J.V. af en toe skipbreuk ly en die vergaderings uitgestel moes word. By ’n gesellige aand van die Vereniging op 15 Nov. 1911 druk ds. Van Broekhuizen die jongeliede dit op die hart om aan te sluit.

Skynbaar het die ledetal, nienteenstaande herhaalde aansporing, nie toegeneem nie, en het die belangstelling in die Vereniging van buite ook aansienlik gekwyn. Vermoedelik word die P.C.J.V. dan ook na sy byeen kom op 24 Sept. 1912 vir byna ’n jaar nie gehou nie, want later word gemeld dat op Dinsdagaand 25 Aug. 1913 die „Suzannasaal soveel mensen als de ruimte toelaat,” bevat het tydens die „herstichting van de Pretoria K.J.V.” ’n Nuwe bestuur met ds. Van Broekhuizen as voorsitter, die heer Eelers, vise-voorsitter, en die heer Van der Merwe, sekretaris, is gekies en „andere maatregelen getroffen waardoor verwacht wordt dat er grotere aktiviteit ontstaan sal.”

Aan sangverenigings en kore het dit in Pretoria daardie dae ook nie ontbreek nie. Daar was byvoorbeeld die **Hollands Mannekoor** wat op 14 Maart 1895 gestig is en waarvan die bestaan oor ’n tydperk van 27 jaar gestrek het. Dan die **Zangvereniging Asaf**, ’n stigting van 1910 wat op 22 Julie in daardie jaar sy eerste uitvoering van gewyde musiek in die stadsaal gegee het, en op 4 Junie 1913 sy sesde. Verder was daar die **Koor van die Verenigde Kerk** wat in 1911 ontstaan het. Op 25 Maart 1912 gee die koor ’n gesellige aand in die Susannasaal en hou op 11 Okt. 1912 saam met ’t **Amateurorkest** van die N.H. of G. Kerk ’n uitvoering in die stadsaal.

Hoeseer debatsaande en voordragwedstryde ook al byval gevind het, het hul later plek geruim vir **sang-** en **koorwedstryde**. In Aug. 1911 besluit die P.C.J.V. naamlik om in die vervolg een keer per jaar ’n sangwedstryd vir soliste en kore uit te skryf vir Suid-Afrika. Die wedstrydkomitee, bestaande uit mev. Van Broekhuizen en die here Naude en Boshoff het die eerste wedstryd bepaal vir die tweede helfte van Feb. 1912, en dit vind dan ook op Vrydag 23 Feb. plaas. Die eintlike wedstryd het die oggend om

10-uur in die Susannasaal begin en die aand om 8.15 is 'n uitvoering i.v.m. die wedstryd in die Operagebou gegee. As beoordelaars het opgetree mev. Leyds, mev. Deys-Draaijer van Johannesburg en prof. P. K. de Villiers van Bloemfontein.

Onder die pragtige prysen is veral melding gemaak van die skild wat die Eerste Minister, genl. Louis Botha, geskenk het en wat uitgeloof is aan die beste mannekoor vir gewyde sang.

'n Ander prys wat vir gewyde sang aan gemengde kore aangebied is, was die Krugerskild wat deur die familie Kruger-Eloff geskenk is. Hierdie skild is by die eerste Unie-sangwedstryd gewen deur die kerkkoor van die Verenigde Kerk onder leiding van die heer Wilmot. Die ander skild is blykbaar nie toegeken nie, aangesien **Hollands Mannenkoor**, die enigste mannekoor wat deelgeneem het, blykbaar onvoorbereid op die planke gekom het en „bezorgde zichzelf 'n slechte advertentie en 't publiek 'n gevoel van teleurgestelde verwachting.”

In 1913 skryf die P.C.J.V. die tweede Unie-sangwedstryd uit vir Vrydagdag 1 Nov. Die oggend om 10-uur het die wedstryd in die Susannasaal begin en die eindwedstryd vind die aand in die Operagebou plaas, „alwaar daar een talrijk publiek was opgekomen.”

Weer is daar verskillende medaljes beskikbaar gestel deur mevv. L. Botha, Johann Rissik, Lean, Haman, Bredell, en dr. Engelenburg en andere, benewens nog die reeds genoemde twee skilde vir gewyde koorsang. By die toekenning van die prys vir die gemengde koorsang, d.w.s. die Krugerskild, het die jurie albei deelnemende kore, naamlik — „Asaf” onder die heer Van den Burg, en die Kerkkoor onder die heer Wilmot, laat oorsing, en toes die skild aan elkeen vir ses maande toegeken. Beide dirigente ontvang 'n goue medalje, die een deur die Z.A.V.F. (tak Pretoria) en die ander deur mev. genl. Smuts beskikbaar gestel.

Mev. genl. Piet Joubert deel die prysen uit. In 1914 het die jaarlikse uitvoering van die Unie-Sangwedstryde uitgeloop op die gebeurtenisse van 10 Oktober in die Operagebou wat deur die skrywer hiervan voorheen in „Die Transvaler” van 27/10/45 geskets is. Hiermee sluit dan die verhaal van Unie-sangwedstryde.

Die P.C.J.V. self het hierna sy werksaamhede vir byna anderhalfjaar gestaak „wgens de tans heersende landsomstandigheden” — die beroeringe wat die Eerste Wêreldoorlog met sig meegebring en hier te lande in die „Rebellie” verloop het.

Die verenigingslewe in Pretoria slaan van 1920 af, saam met die tyd en die landsgeschiedenis. 'n ander bladsy om, en kan as 'n nuwe fase in die Vereniging se geschiedenis beskou word.

#### BRONNE:

- (1) Volks(s)tem tussen 1876-1920.
- (2) Wyle dr. H. D. A. van Broekhuizen } Persoonlike mededelings
- (3) Wyle dr. W. P. Steenkamp: } per brief.

10 Jan. 1967.

— G. J. VAN ECK.

# DIE VOORSTAD GROENKLOOF, PRETORIA, EN DIE HERKOMS VAN SY STRAAT- EN PARKNAME

## (i) DIE NAAM GROENKLOOF:

Die Pretoriase voorstad „Groenkloof” verewig die naam van die oorspronklike plaas van Lucas Cornelis Bronkhorst wat hom aan die einde van 1839, begin 1840, saam met sy jonger broer Johannes Gerhardus Stephanus (Gert), aan die „Aaprivier” (huidige Apiesrivier) kom vestig het. Hulle was, volgens geskiedskrywers, van die eerste blankes wat hulle permanente intrek kom neem het in die gebied waar die teenswoordige „Groter Pretoria” indertyd tot stand gekom het.

Lucas het sy huisie aan die oostekant van die Apiesrivier, 'n paar honderd tree noord van die bron (die „Fonteine”) gebou en die gebied „Groene Kloof” of Groenkloof genoem na die pragtige groen kloof van die Fonteinedal. Reeds op 9 Augustus 1841 is die grense van die oorspronklike plaas Groenkloof 419 afgebaken deur 'n kommissie wat die landdros van Potchefstroom vir die doel benoem het.

Op 20 Augustus 1863 is die deel van sy plaas waarop daar 'n dam gebou was wat die dorp van water moes voorsien, op die regering se naam getransporteer. Die res van die plaas het egter familiebesit gebly tot in 1874. In 1888 het dit die eiendom van die Zuid-Afrikaansche Republiek geword. Geleidelik het die regering die grond aan die plaaslike owerheid oorgemaak, tot dat die hele gebied van die oorspronklike plaas „Groenkloof” teen 1910 aan die Stadsraad van Pretoria behoort het.

In 1945 het die Stadsraad vertoë tot die Dorperraad gerig om die uitlê van 'n nuwe dorpsgebied ten noordooste van Klapperkop en grensende aan Nieu-Muckleneuk en Waterkloof. Aangesien die voorgestelde dorp op 'n gedeelte van die plaas Groenkloof nr. 419 gestig sou word, is die naam „Groenkloof” voorgestel, maar op grond van ingekome besware het die Stadsraad by sy vergadering op Vrydag 28 Februarie 1947 besluit om dit „Klapperkop” te noem. Met die naam waarop die Raad, hoewel nie eenparig nie, besluit het, was veral die Genootskap Oud-Pretoria ontevrede, aangesien dit sy beleid is om ou historiese name te behou. Na 'n lang reeks same-sprekings het die Stadsraad toe by 'n spesiale vergadering op Dinsdag 31 Januarie 1950 onder andere die „Vernoeming van Klapperkop” oorweeg en besluit: „Dat Klapperkopdorp na Groenkloofdorp vernoem word.”

## (ii) DIE STRAATNAME:

Dit was ook op voorstel van die Genootskap Oud-Pretoria dat die Stadsraad ingestem het om die strate in die nuwe dorp waar moontlik

te vernoem na kleurryke figure uit die geskiedenis van Pretoria, wat die stad op die een of ander terrein van sy ontwikkeling gedien het. Reeds voordat daar final oor 'n naam vir die nuwe dorp „Klapperkop” besluit is, het die Raad die Genootskap, wat ook 'n lys van name voorgelê het, op 7 Julie 1949 skriftelik meegedeel dat hy in verband met die name vir die strate en parke die volgende besluit geneem het:-

(a) Dat die strate in die dorp Klapperkop wat van oos na wes loop soos volg genoem word (volgorde van noord na suid):

1. George Storrar-ryweg.
2. Bronkhorststraat.
3. Frans Oerderstraat.
4. Wenningstraat.
5. Van Wouwstraat.
6. Herbert Bakerstraat.

(b) Dat die strate wat van noord na suid loop soos volg genoem word (volgorde van oos na wes):

1. Broderickstraat.
2. Wangemannstraat.
3. Van Reesemastraat.
4. Engelenburgstraat.
5. Leipoldtstraat.
6. Bainesstraat.

(c) Dat die drie parke soos volg genoem word:

Jan Cellierspark.  
Gustav Prellerpark.  
Eugène Maraispark.

Van voornoemde straatname is dié van George Storrar-ryweg, asook die naam Bronkhorststraat wat eintlik net 'n verlenging van die straat in Nieu-Muckleneuk van dieselfde naam was, behou vir die twee betrokke strate. Hierna volg die een en ander oor die persone na wie die strate vernoem is:-

### **George Storrar-ryweg:**

George Storrar, gebore te Fifeshire, Skotland, op 11 Februarie 1883, het op 1 Julie 1909 by die Stadsraad as tydelike rioleringsingenieur in diens getree. Van 1 November 1920 af tot met sy uitdienstreding op 11 Februarie 1943, was hy die Stadsingenieur van Pretoria, na wie die hoofpad tussen die Fonteindal en Koningin Wilhelminaalaan op 27 Februarie 1942 vernoem is ter erkenning van die dienste wat hy aan die stad gelewer het, veral met die beplanning van verskeie voorstede.

### **Bronkhorststraat:**

By die stigting van Nieu-Muckleneuk in 1898 het die straat seker sy naam gekry op grond van die feit dat die stuk grond wat Mackie Walker (wat o.a. ook Nieu-Muckleneuk in die dae van die Z.A.R. aangelê het) in 1888 in Elandsport bekom het, gekoop was van die Bronkhorst-familie, en omdat 'n gedeelte van Elandsport die eiendom was van die erfgename van Gerrit S. Bronkhorst, 'n broer van Lucas, is dit ongetwyfeld die Bronkhorst-familie na wie die straat vernoem is. Mn. H. P. H. Behrens, Direkteur van die Stadsraad se Afdeling Kultursake huldig egter die mening dat dit Lucas Bronkhorst is na wie die straat heet.

Oor Lucas kon skrywer ongelukkig net die volgende karige gegewens opspoor: sy vader, Rudolph Johannes, was 'n burger te Graaff-Reinet ten tyde van sy huwelik met Hester van Vuren op 30 Desember 1787. Uit 'n gesin van tien, was Lucas die vierde kind en die tweede seun. Op 14 Junie 1795 is Lucas Cornelius gedoop, seker te Graaff-Reinet in welke distrik hy dus in laasgenoemde jaar die eerste lewenslig moes aanskou het. Toe hy op 17 Januarie 1828 sy testament laat maak het, was hy woonagtig op Nieuwveld, distrik Beaufort (die latere Beaufort-Wes) waarvan 'n deel van Graaff-Reinet afgesny is toe dit op 27 November 1818 tot afsonderlike distrik verklaar is.


Die familie Bronkhorst het deel van die Potgieter trek uitgemaak en ná die slag van Vegkop het Lucas en sy broer Gert in Natal teen die Zoeloes geveg saam met Potgieter. Na die terugtrek uit Natal, het die twee broers Bronkhorst tydelik aan die Mooirivier gewoon, maar hulle later onderskeidelik te „Groenkloof“ en „Elandsport“ aan die „Aaprivier“ kom vestig. Oor Lucas se doen en late op sy plaas Groenkloof is reeds hierbo uitgewei.

Die feit dat Lucas se testament op 5 Maart 1870 geregistreer is en dat sy twee dogters in Augustus/September 1875 hul erfposies ontvang het, dui daarop dat hy tussen genoemde twee jaartalle, en seker op sy plaas Groenkloof, sy ewige rus moes ingegaan het.

### **Frans Oerderstraat:**

Op 7 April 1867 is Frans David Oerder te Rotterdam gebore en in 1890 verhuis hy na Suid-Afrika en vestig hom in Pretoria. In 'n ateljee in Kerkstraat-Oos bœoeft hy sy talente. Tydens die amptelike opening van die Delagoabaaispoorlyn in Julie 1895 is hy, saam met Van Wouw, verantwoordelik vir die versiering van die stad, maar veral van die Marksaal waar 'n dinee sou plaasvind, en waar die versierings bestaan het uit kleurryke plafondraperings en muurskilderye met taferele uit die landskap tussen Pretoria en Delagoabaai. As skilder was hy toe nog eintlik onbekend by die publiek.

Tydens die Tweede Vryheidsoorlog verkeer hy onder die Boerestryd-



*Mnr. G. J. van Eck (B.A.,  
Stell., 1929) by sy dogter  
K. M. (Ina) van Eck tydens  
die toekeening aan haar van die  
Graad B.A. op 17-3-1967, U.P.*

*Foto: Andries van Eck.*

magte en maak verskeie sketse van Boeretipes en bedrywighede te velde, waarvan sommiges tans nog in besit van die Pretoriase Universiteit is. Hierdie oorlogsketse van Oerder, asook sy ander sketse oor Transvaal en groot historiese figure, is vandag van die belangrikste Suid-Afrikaanse kultuurkattede.

Na die oorlog vra die Pretoriase Stadsraad hom om twee tonele van die stad te skilder by geleentheid van sy vyftigste bestaansjaar. Gemelde kunswerke is nog in die Stadsraad se kunsversameling, benewens heelwat ander van sy beste werke. Hy is op 15 Julie 1944 te Pretoria aan hartverlamming oorlede.

### **Wenningstraat:**

Pieter Willem Frederick Wenning is op 29 September 1873 in Den Haag gebore, en kom in Pretoria aan op 30 Augustus 1905. Na sy dagtaak in De Bussy se Boekhandel, geniet sy kuns voltyds sy aandag. Deur die toedoen van die spotprenttekenaar O. C. Boonzaier en ander kunslief-

hebbers, open Wenning 'n ateljee in 1916 in Kaapstad, maar weens swak gesondheid, keer hy na Pretoria terug in 1920, en is aldaar op 24 Januarie 1921 in die Zuid-Afrikaanse Hospitaal oorlede.

Sonder enige behoorlike kunsopleiding, word Wenning nogtans as een van Suid-Afrika se beste skilders beskou. Sy invloed op sy omgewing en mede-kunstenaars het veel daartoe bygedra om die Suid-Afrikaanse kunsstandaard tot 'n hoë peil te verhef. Die grootste deel van sy skilderye behoort aan die Stadsraad van Pretoria.

Op 25 Augustus 1947 het mnr. Walter Battiss die Stadsraad per brief gevra om die naam Jacobsstraat in Rietfontein, waar Wenning gewoon het, na Wenningstraat te verander. Die Raad het egter besluit om 'n straat in die nuwe dorp Groenkloof so te noem.

#### **Van Wouwstraat:**

Op 26 Desember 1862 aanskou Anton van Wouw die eerste lewenslig te Driebergen, naby Utrecht. Op 1 Januarie 1890 kom hy in Pretoria aan, werk in 'n wapensmidswinkel, en begin sy kunsloopbaan deur in sy vrye tyd dekorasieskilderwerk te onderneem. Later teken hy selfs spotprente vir verskeie koerante, soos o.a. „De Pers” en „The Weekly Press”.

Van die Krugerstandbeeld met sy byfigure op die Kerkplein van Pretoria is hy die beeldhouer, sowel as van die borsbeeld van president Kruger wat hy vir die saal van die Uitvoerende Raad gemaak het. Ook was Van Wouw die skepper van die Republiekinse Wapen en Leuse wat 'n tydlang op die voorgewel van die Raadsaal gepryk het. Die sementbeeld van die uil bo-op die voorgewel van die Café Riche-gebou, teenoor die huidige Hoofposkantoor, is ook deur die beeldhouer gemaak. Op die venstergewels van die Standaardbankgebou wat in 1895 op die Plein opgerig is, was ook van sy skeppinge; die sewe engelebeeldjies. Tydens die sloping van die gebou is dit betyds verwyder. Hy het saam met Oerder in 1895 aan die versiering van die Marksaal gewerk; later het hy private tekenlesse aan die staatsmodelschool en die staatsgimnasium in Pretoria gegee. Die Stadsraad van Pretoria besit o.a. een van Van Wouw se eerste skilderye „Gesig op Daspoort”, wat hy, volgens persoonlike mededeling in 1943 aan skrywer hiervan se vader, mnr. G. J. van Eck, teen £15 verkoop het.

Die beeldegroep voor die Voortrekkermonument is die laaste groot taak wat aan hom opgedra was. In 1937 ken die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns sv Erepenning vir Beeldhouwerk toe aan Van Wouw. Op 30 Julie 1945 is hy in die Algemene Hospitaal alhier oorlede.

#### **Herbert Bakerstraat:**

Herbert Baker (later Sir) is in 1862 in Cobham, Kent, Engeland, gebore. In 1892 verhuis hy na Suid-Afrika en in 1902 kom hy na Transvaal op uitnodiging van lord Milner.

Hy was goed onderleg in die Griekse en Romeinse boukuns, sowel as 'n baie bekwame argitek. Op 10 Januarie 1910 word die taak van die ontwerp van die Uniegebou aan hom opgedra. Na baie deeglike oorpeinsing, besluit hy om die gebou teen die suidehang van die tans bekende Meintjeskop te laat verrys. Die werk word in 1913 voltooi. Ook van die Pretoriase Spoorwegstasie, die destydse woning van die Goewerneur-generaal en van die Reserwebank op Kerkplein was hy die argitek. Op 4 Februarie 1946 is hy op sy geboorteleplek oorlede.

### **Broderickstraat:**

Albert Brodrick (straatnaam deurgaans in Raadsbesluite en op kaarte foutief geskryf) is in 1830 in Engeland gebore. Vroeg in die sestigerjare vestig hy hom as winkelier in Pretoria. Hy is die eerste skrywer oor Pretoria en sy inwoners. Teen die einde van 1874, begin 1875, word sy „Fifty Fugitive Fancies in Verse” as die eerste boek in Transvaal, gedruk en uitgegee deur Jan F. Celliers en Rous te Pretoria. (Ook die eerste aalwyne wat in 1877 in Pretoria gebлом het, is dié wat hy geplant het.)

Sy vele gedigte wat in verskillende Pretoriase koerante van sy tyd verskyn het, meeste waarvan hy die een of ander belangrike persoon of gebeurtenis, teen die agtergrond van ou Pretoria, „skilder”, is van groot kultuur-historiese waarde en sal steeds 'n belangrike bron bly vir die student van die sosiale en selfs politieke lewe in Transvaal oor die algemeen, maar van Pretoria in besonder.

Brodrick was die Boere en hul Republiek goedgesind en het hom altyd vir die algemene belang van die dorp en sy gemeenskap beywer, hoewel hy 'n sogenaamde „Uitlander” was. Hy het aktief aan die vroeëre politieke woelinge in Transvaal deelgeneem soos blyk uit die volgende staaltjie oor hom deur Eugène Marais vertel: Tydens die Burgeroorlog van 1862/3 tussen Kruger en Schoeman se volgelinge, is Brodrick gearresteer op aanklag van hoogverraad teen Kruger. Hy word toe voor die krygsraad gedaag waar Kruger self die verhoor waarneem. Brodrick erken dat sy „linkerkant”, wat hulp en raad aan Schoeman verleen het, skuldig is, maar sy „regterkant” pleit onskuldig want dié was vir Kruger. Die vonnis was: Die linkerkant is skuldig aan hoogverraad en moes dus 500 riksdalers betaal, terwyl die linkerbeen in die blok gesit sou word totdat die boete betaal is! Die regterkant kon toe nie aktiewe hulp teen die rebelle lewer nie, en moes derhalwe 10 goeie slagosse as bydrae aan die Staatskommando lewer!

Teen die middel van die tagtigerjare keer hy vir goed na sy tuisland terug, maar stuur weer in 1887 'n aantal verse aan die „Transvaal Advertiser”. In 1893 verskyn die eerste en in 1905 'n tweede uitgawe van sy „A Wanderer's Rhymes”, waarin daar veral na ou Pretoria en sy kleurvolle verlede verwys word. In 1908 is hy oorlede.

### **Wangemannstraat:**

Dr. Wangemann was 'n Direkteur van die Berlynse Sendinggenootskap. Na sy eerste besoek aan Pretoria in 1867, skryf hy 'n reeks boeke waarin hy van sy eie tekeninge oor Pretoria opgeneem het. Tydens hierdie besoek het hy by die Uitvoerende Raad aansoek gedoen om grond vir die Berlynse Sendinggenootskap. Spoedig is 'n aantal erwe net buite die opgemete dorpsgebied aan die Genootskap afgestaan. Sy boek „Ein Zweites Reisejahr in Suedafrika” (1884) gaan hoofsaaklik oor die werksaamhede van sy Genootskap se Sendingstasie te Wallmannsthal (noord van Pretoria aan die Warmbadpad).

### **Van Reesemastraat:**

John S. van Reesema is te Lyndhurst, Hampshire, Engeland gebore om en by 1848. Wanneer hy na Suid-Afrika gekom het, kon ek nie opspoor nie. Vóór 1902 was hy waarnemende Stadsklerk en op 7 Februarie van daardie jaar is hy as die eerste Stadsklerk van Pretoria na die oorlog, aangestel. Hy het in dié betrekking tot 1912 aangebly, want hoewel hy reeds bejaard was, het die Stadsraad vantevore nog nie oor 'n pensioenskema vir sy werknemers beskik nie. In 1912 is so 'n skema ingestel en op 1 November tree hy af. Daarna het hy op een of ander tyd na sy geboorteland teruggekeer waar hy op 26 Januarie 1925 op 77-jarige leeftyd oorlede is.

### **Engelenburgstraat:**

Frans Vredenryk Engelenburg (later dr.) is op 17 Maart 1863 te Arnhem, Nederland, gebore en het in 1889 na Suid-Afrika gekom. Van sy besluit om as advokaat te praktiseer, het nie veel tereggekom nie, want kort na sy aankoms in Pretoria, word die vakante hoofredakteurskap van „De Volksstem” hom aangebied teen 'n salaris van £25 per maand. Dié pos het hy tot 1924 beklee met slegs 'n kort onderbreking tydens die Tweede Vryheidsoorlog toe die blad nie verskyn het nie en hy in Europa inligting ten behoeve van die Boeresaak gaan versprei het. Deur sy toedoen het sy koerant een van die mees vooraanstaande Suid-Afrikaanse nuusblaaie van die tyd geword.

Hy het ook aktief belanggestel in die bevordering van die Afrikaanse Taal en Kultuur en sy woning in Hamiltonstraat, die „Wit Huis”, was indertyd een van die brandpunte van die Afrikaanse Kultuurgedagte in Pretoria. Sy koerant het 'n sterk standpunt ingeneem in sake van nasionale belang. Deur sy toedoen word daar later ook 'n Franse weekblad „La Semaine” deur sy lyforgaan uitgegee. Hy was ook die ontwerper van die Pretoriase Stadswapen in 1903.

Op 21 Augustus 1938 is hy te Pretoria oorlede, en tans huisves sy eertydse woning die Sekretariaat van die Suid-Afrikaanse Akademie.

### **Leipoldtstraat:**

Christiaan (Frederik) Louis Leipoldt is op 28 Desember 1880 te Worcester, Kaapland, gebore. Hy word op vroeë leeftyd joernalis en spoedig oorlogskorrespondent vir oorsese Republikeinsgesinde koerante. Hy ontvang sy mediese opleiding in Londen en word in 1914 Mediese Inspekteur van Skole in Transvaal. Na 1923 is hy lid van die redaksie van „Die Volkstem” en wy hy hom 'n tydlank ook aan die politiek. Geruime tyd woon hy te Pretoria en werk aldaar as joernalis en digter. In 1934 ontvang hy 'n Eredoktorsgraad in Lettere aan die Universiteit van die Witwatersrand. Hierdie lid van die sogenaamde Driemanskap van die Afrikaanse Letterkunde is op 12 April 1947 oorlede en sy as lê begrawe in sy geliefde berge naby Clanwilliam.

### **Bainesstraat:**

John Thomas Baines is op 27 November 1820 op King's Lynn in Norfolk, Engeland gebore, en het op 10 Januarie 1872 in Pretoria aangekom. Tydens sy maandlange verblyf in die dorp, maak hy drie skilderye oor Pretoria vir die here A. Brodrick, R. Lys en H. Jeppe teen £10.10.0 stuk. In sy dagboek skryf hy dat die bedrag wat hy van mnr. Brodrick moes kry, byna sy rekening by Brodrick se winkel kon betaal. Van Lys het hy twee trekosse ontvang, terwyl Jeppe hom twee Britse koloniale banknote van £5 elk gegee het wat hy vir net £9.10.0 in Pretoria uitgewissel kon kry. Vir sover bekend, is hulle van die oudste skilderye oor Pretoria. Die skilderstuk van Brodrick ('n uitsig vanaf Meintjeskop oor die dorp) is deur die Stadsraad in 1935 vir £100 gekoop.

By die uitvoering van sy kunswerke het Baines hom tot in die fynste besonderhede aan die werklikheid gehou, sodat sy werk van groot dokumentêre waarde is. Hierdie avontuurlustige reisiger wat vermoedelik weer érens heen op reis was, is op 8 Mei 1875 te Durban oorlede. Van sy werke het daar gelukkig in Suid-Afrika baie bewaar gebly.

### **Jolivetstraat:**

(Nie by voornoemde Raadsbesluit gemeld nie.)

Charles Constant Jolivet (in 1825 in Bretagne, Frankryk, gebore) kom net na die anneksasie in 1877 van Natal af na Pretoria waar hy op 8 Junie as eerste biskop van die dorp se Rooms-Katolieke Kerk, die eerste mis selebreeer. Aan Skinnerstraat begin hy 'n klooster en 'n kerk op twee erwe wat Shepstone geruil het vir 'n erf wat pres. Pretorius in 1870 aan die Kerk geskenk het.

### **(iii) DIE PARKE:**

#### **Jan Cellierspark:**

Jan F. E. Celliers is op 12 Januarie 1865 op Wagenmakersvallei (huidige Wellington) gebore. In 1873 stig sy vader „De Volksstem” te Pretoria waarheen ook sy gesin in 1874 verhuis. Nadat Jan sy opleiding aan die „Opleidingschool” voltooi het, word hy in 1894 Staatsbibliotekaris te Pretoria.

Na sy verblyf kort na die oorlog in Switserland en Nederland, keer hy in 1907 na sy vaderland terug waar hy 'n lewendige aandeel aan die taalstryd neem. Hy werk mee aan die stigting van die S.A. Akademie, en as redakteur van „Die Volkstem” is sy aandeel heel groot.

Van hom het daar ook verskeie digbundels verskyn en spoedig staan hy bekend as een van die reeds genoemde Driemanskap (met Totius en Leipoldt daarby). Na 'n vrugbare lewe, is hy op 1 Junie 1940 heen.

#### **Gustav Prellerpark:**

Gustav Schoeman Preller (later dr.) het op 4 Oktober 1875 die eerste lewenslig aanskou op die plaas Klipdrif, distrik Pretoria. Nadat hy sy kinderdeae op Standerton geslyt het, keer die gesin in 1891 na Pretoria terug. Temidde van werk en studie, skryf hy bydraes vir Hollandse en Engelse koerante en pas na die atloop van die oorlog, word hy redakteur van „Land en Volk” deur Eugène Marais se toedoen. 'n Paar jaar later aanvaar hy werk op die redaksie van „De Volksstem”, deur welke kanaal hy 'n belangrike bydrae tot bevordering van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging lewer. Tussen 1924 en 1925 is hy die redakteur van „Die Volkstem”, maar ten gevolge van veranderde politieke insigte, bedank hy hier en gaan oor na „Ons Vaderland” (later „Die Vaderland”) wat toe pas gestig is.

Ook as historikus van naam, het hy 'n groot bydrae gelewer en was 'n outoriteit veral op die gebied van die Voortrekkers se bewegings noordwaarts en van ou Pretoria se geskiedenis sedert sy stigting. Oor „Ou Pretoria” skryf hy 'n waardevolle bronboekie in opdrag van „Die Afrikaanse Kultuurraad”, wat in 1938 in albei landstale verskyn. Van die Universiteit van Stellenbosch het hy 'n Ere-doktorsgraad ontvang as erkenning vir sy verdienstelike werk op verskeie terreine van ons openbare lewe. Op 6 Oktober 1943 is hierdie groot historikus op sy plaas Pelindaba, distrik Pretoria, heengegaan.

Interessanterheidshalwe dien dit vermelding dat Gustav Preller op 'n aand voor die inname van Pretoria deur die Engelse, vir „Jannie” Smuts gehelp het om Transvaalse staafgoud per trolliewaentjie vanuit die kelder van die Paleis van Justisie na die Stasie te karwei vanwaar dit per trein na Machadodorp (die setel van die Z.A.R.-regering na die ontruiming van Pretoria in 1900) geneem is.

## **Eugène Maraispark:**

Eugène Nielen Marais is op 9 Januarie 1872 te Daspoort gebore. Nadat hy in 1887 in die Paarl gematrikuleer het, keer hy na Pretoria terug en word prokureursklerk. Sy journalistieke aanleg besorg hom 'n pos by die „Transvaal Advertiser”. In 1891 word hy, saam met J. de Villiers Roos, mede-eienaar asook redakteur van „Land en Volk”. Sy temperament en lewensuitkyk vir sover dit sy politieke berigte betref, laat hom egter dikwels in moeilikheid beland, sodat hy sedert 1892 die koerant noodgedwonge alleen moes behartig.

Na sy vrou se vroeë dood het sy ou entoesiasme ten opsigte van die journalistiek geleidelik verflou en wy hy meer aandag aan letterkunde. As „die belangrikste voorloper” van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging in die Noorde, doen hy dan ook ontsaglik veel vir die erkenning van Afrikaans, in welke taal hy reeds sedert 1891 gereeld hoofartikels vir sy koerant geskrywe, en nuusberigte, brieue, versies en verhale gepubliseer het. Op 29 Maart 1936 loop die lewensreis van die groot voorvegter vir ons taal op tragiese wyse ten einde op sy vriend Preller se plaas Pelindaba ten weste van Pretoria.

## **B R O N N E L Y S**

**Stadsraad van Pretoria:** (a) Raadsbesluite, Argiefleers en Personeelregisters.

(b) Mededelings deur Direkteur vir Kultuursake, mnr. H. P. H. Behrens.

(c) Publikasies: (i) Pretoria (1855-1955) — Die Geskiedenis v.d. Stad. (ii) Pretoria se Eerste Eeu in Beeld, 1952.

**Staatsargief:** Miscellaneous Estates (1902) No. 19422 — Bronkhorst L. C.

**Ned Hervormde Kerkargief:** S. P. Engelbrecht-versameling, Ou Families, Nr. X/66.

**Meester v.d. Hooggereghof:** Boedelléer No. 59104 — J. S. van Reesema.

**Gepubliseerde Bronne:** (a) Afrik. Kinderensiklopedie D1. XI. (b) Dekker, dr. G.: Afrik. Literatuurgeskiedenis. (c) De Villiers, C. C. Geslacht-register der Oude Kaapsche Familien, D1. I. (d) Boonzaier, Gregoire & Lipshitz, Lippy I.: Wenning. (e) Nienaber, dr. P. J.: Suid-Afrikaanse Pleknaamwoordeboek, D1. I. (f) Ons Kuns (Verskeie Kunstenaars) — „D1. I. (g) Preller, dr. Gustav: Ou-/ Old Pretoria. (h) „Pretoriania”: Tussen Sept. 1951 - Des. 1962. (i) Van der Merwe, dr. P. J.: Nog Verder Noord. (j) Van Eck, G. J.: Die Mens Anton van Wouw: Huldigingsfeesprogram vir 8.12.1943 (namens P.A.K.-bestuur).

**Koerante:** (a) Die Transvaler, 28.9.1955: Goeie Werk v. Berlynse Sending; 16.11.1955: Een v.d. Stad se Kleurrykste Figure (dr. Engelenburg). (b) Die Volkstem, 31.7.1945: Dood van Anton van Wouw.

—K. M. VAN ECK.

# DIE EERSTE POGING TOT KOFFIEVERBOUING IN DIE PRETORIASE DISTRIK

KOMDT.-GENL. M. W. PRETORIUS, die stigter van Pretoria en vanaf 1856 die eerste president van die Zuid-Afrikaansche Republiek, was — sover my kennis strek — die eerste persoon in Transvaal wat hom aktief beywer het vir die totstandkoming van 'n selfstandige koffiebedryf in die Oorvaalse gebied. Oor 'n lang tydperk het hy hom onvermoeid in dié rigting beywer en dit was eers na ongeveer vyftien jaar dat hy die vrug op sy arbeid gesien het.

Toe die Transvalers aan die begin van die vyftiger jare van die vorige eeu van koffieverbouing te hore gekom het, was komdt.-genl. Pretorius woonagtig op sy plaas, Kalkheuvel, geleë aan die Krokodilrivier ten suide van die teenswoordige Hartbeespoortdam. Met sy eerstehandse kennis van die klimaat en bodemgesteldheid van die streek noord van die Magaliesberg, was hy van opinie dat dié geweste besonder geskik behoort te wees vir die verbouing van verskillende soorte subtropiese gewasse waarvan die verbouing in Natal in daardie jare in die mode begin kom het. Destyds was die aanvraag na koffie baie groter as die aanbod en omdat die prys van koffie as gevolg daarvan hoog was, het Pretorius heeltemal tereg die sienswyse gehuldig dat koffieverbouing 'n winsgewende bedryf in die Republiek kon word. Al wat op daardie stadium nodig was, was dat een van die leidende persone in die Republiek die voortou neem, deskundige kennis van die verbouing van die produk verkry, voldoende koffiesaad bekom en dit aan die boere voorsien sodat hulle daarmee kon eksperimenteer om vas te stel of die koffieplant in Transvaal sou aard. Met ander woorde net die nodige aanmoediging moes aan die Transvaalse boere gegee word om die nuttige en ekonomies-belangrike subtropiese gewas aan te plant.

Dit is vermeldenswaardig dat die heer E. Morewood, die pionier op die gebied van koffie- en suikerrietverbouing in Natal, alreeds in Februarie 1853 met komdt.-genl. Andries Pretorius, vader van M. W. Pretorius, in korrespondensie was in verband met die verbouing van koffie en suikerriet, veral in die noordelike deel van Natal, wat — volgens sy opinie — by die Zuid-Afrikaansche Republiek ingelyf moes word.

Dit is bekend dat M. W. Pretorius alreeds so vroeg as Januarie 1855 met 'n koffieboer in Natal in briefwisseling getree het in verband met die kwessie van koffieverbouing in Transvaal. Dit is egter moontlik dat Pretorius hom alreeds voor 1855 in koffieverbouing in Transvaal geïnteresseer het. Dokumente om hierdie vermoede te staaf, ontbreek egter. As in gedagte gehou word dat die Transvaalse Pretoriussé ná 1848 gereeld en voortdurend met Natal in verbinding gebly het en dat sommige van hulle familielede daar woonagtig was, is dit baie waarskynlik dat M. W. Pretorius en sy vader vanaf 1847, toe die koffieplant vir die eerste keer in Natal aangeplant is, op hoogte gebly het met die interessante en veelbelowende eksperiment. Daar bestaan dus 'n sterk moontlikheid dat M. W. Pretorius alreeds voor 1855 pogings in die werk kon gestel het om ook in Transvaal met die aanplanting en verbouing van koffie te eksperimenteer.

Hoe dit ook al mag wees, op 21 Maart 1855 het die heer William H. Middleton, een van die bekende baanbrekers op die gebied van koffieverbouing in Natal, vanaf sy plaas „Snaresbrook”, naby Durban, die volgende interessante brief aan komdt.-genl. Pretorius geskrywe in antwoord op laasgenoemde se navrae in verband met koffiesaad: „My dear Sir, I received by the kindness of Mr. P. Henwood your letter under date of 1st January but have not seen or heard of your brother-in-law, Mr. John Kock who you mention was to have been down in February. I should have replied to you earlier had I not looked forward to that opportunity.

„Upon receipt of your application for coffee seed I secured the promise of some which will be ripe shortly at Mr. Terrason who has hitherto paid the most attention to the growth of the plant and has at the present time far the largest number of bearing trees. When Mr. Kock comes down I shall be most happy to give him all the practical information I have on its cultivation although it cannot be much as I am but a learner myself. The modes of cultivation and curing practised in different countries appears to be so various that it is most difficult to come to a satisfactory conclusion as to which is best adapted to Natal and I expect (coffee-planters) shall have much to contend with before we make it pay. I am satisfied that the plant is suitable to our climate and upon that I fix my hope, trusting to Providence on the ultimate profitable result.

„I should like to have some idea of the quantity of seed you would like — there are about 2,000 seeds to the pound and will be sold at 4/-

or 5/- the pound — a party in Pine Town who has a small number of trees bearing is asking 7/- a lb. for his coming fruit . . . ”

Die res van Middleton se brief handel oor die destydse naturellebeleid van die twee buurstate en die kwessie van federasie van die Suid-Afrikaanse state wat in daardie jare bepleit en onderling druk bespreek is.

Uit Middleton se brief kan afgelei word dat M. W. Pretorius hom deur middel van die Natalse handelaar, P. Henwood, genader het vir die verkryging van koffiesaad en gegewens oor die verbouing van dié vreemde gewas. Dit is ook verder duidelik dat Pretorius se swaer, Jan Kock, ter plaatse die nodige inligting van Middleton sou gekry en dat hy daarna weer die inligting mondelings aan Pretorius moes oorgedra het. Dit is, tussen hakies, die opinie van skrywer hiervan dat die eertydse Kochstraat in Pretoria na bogenoemde Jan Kock vernoem was.

Dit het geruime tyd geduur voordat Middleton se brief Pretorius bereik het. Eers op 28 Junie het Pretorius 'n tweede brief aan Middleton gerig. In hierdie brief het hy 'n bestelling geplaas vir 25 pond koffiesaad.

In die tussentyd het Pretorius nie stilgesit nie maar reëlings getref om ook deur middel van ander bevriende persone in besit van koffiesaad te kom. Onder andere het hy ook navraag gedoen by F. W. Reid, 'n bekende Potchefstroomse handelaar. Reid het in Natal bestellings vir koffiesaad geplaas, maar op 1 September 1855 het hy nog steeds gewag op die koms van die saad. Op daardie datum het hy, onder andere, die volgende aan Pretorius geskrywe: „I have not yet received the coffee seed but am expecting it everyday As soon as it comes I will take the opportunity of sending it to you . . . ”

In die jare wat hierop gevolg het, het Reid se handelsfirma 'n aktiewe rol gespeel om koffiesaad in Natal te verkry ten einde dit onder die boere te versprei met die oog op die aanplanting en verbouing van die uiters waardevolle landbougewas.

Dat Pretorius met verskillende persone in aanraking gekom het met die oog op die verkryging van die kosbare en skaarse koffiesaad, word verder bevestig deur 'n brief wat 'n ander bekende Natalse handelaar, W. Smerdon, op 13 Oktober 1855 vanaf Pietermaritzburg aan Pretorius gerig en waarin hy die welkomme nuus meegedeel het dat koffiesaad die brief vergesel: „Hiermee heb ik de eer om UEd. wat koffy zaden toe te zenden. Het spyt my dat het te laat in het jaar is om de suiker enten in te zenden . . . ” Uit die brief van Smerdon blyk dit dus dat Pretorius nie

alleen pogings in die werk gestel het om koffiesaad in die hande te kry nie maar ook besig was om die stiggies van suikerriet te bekom. Dat hy in daardie rigting mettertyd sukses behaal het, is seker, want in daardie selfde jare het die boere agter die Magaliesberg op betreklik groot skaal begin om suikerriet aan te plant. Die eerste aanplanting dateer juis uit die middel van die vyftiger jare. Uit Smerdon se brief kan afgelei word dat Pretorius teen die einde van 1855 in besit van koffiesaad gekom het. Teen die einde van 1855 of aan die begin van die volgende jaar is koffie dus vir die eerste keer in Transvaal aangeplant.

Afgesien van Henwood en Smerdon, het ook die vennote van 'n ander baie bekende Natalse handelsfirma, Evans & Churchill, wat uitgebreide handelsbelange in die Transvaal gehad het, 'n belangrike bydrae gelewer om koffieverbouing in die Oorvaalse gebied te bevorder, vermoedelik ook op aandrang van komdt.-genl. Pretorius.

'n Besonder interessante en belangwekkende dokument wat in besit is van die Stadsraad van Pretoria, bestaan uit 'n berig wat J. Fleetwood Churchill teen die einde van 1856 vanaf Potchefstroom aan sy broer, William Churchill, in Durban, gestuur het en waarin hy 'n uitvoerige beskrywing gee van sy reis vanaf Potchefstroom oor Pretoria na Zoutpansberg en terug. Na Zoutpansberg word verwys as „the farthest station of the 'White Man' in Southern Africa.”

Hy skrywe dat hy op 3 Julie 1856 op „Mooi River Dorp” (Potchefstroom) aangekom het, die eerste keer na sy vorige besoek in 1852. Teen die middel van Julie is hy in geselskap van 'n ander blanke en 'n naturel te perd na Pretoria, „a new Dorp lately begun.” Die streek tussen Hekpoort en Pretoria was vir Churchill „the finest valley I have ever seen and (it) runs for more than 150 miles between two ranges of hills.” Verder skrywe hy dat „the district of 'Magaliesberg' grows the finest fruit this side of the Vaal River.” Baie interessant is sy verwysing na die nuwe dorp Pretoria wat op daardie tydstip so pas twee jaar oud en destyds nog deel van die distrik Rustenburg was, met Paul Kruger as Kommandant oor altwee dorpe: „Stayed at 'Pretoria' at the house of one of our Traders — vermoedelik Henry Austin — waiting until he was ready to go into the Interior. At present the church is but half built — die kerkgebou van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Elandspoort (Pretoria) gebou deur William Skinner en sy swaer Louis Devereux en lg. se broer, Lionel Devereux — and there are only two or three houses — vermoedelik van

J. F. Schutte, Henry Austin en Hendrik Vermeulen — but as it stands in about the middle of the ‘Transvaal Republic’ I think it likely to become a good Trading Station. All wagons from the Interior must come through it or close by it.”

Op 7 Augustus het Churchill sy reis verder voortgesit na Zoutpansberg met twee vrakte vol handelsgoedere. Presies twee maande na sy vertrek, op 7 Oktober 1856, was hy weer terug van sy baie interessante binnelandse reis, wat op baie onderhoudende wyse deur hom beskrywe word. By sy terugkeer in Pretoria, vertel hy, „we found the church nearly finished during our absence — die Kerkgebou is in Februarie 1857 deur ds. Dirk van der Hoff ingewy — also one other house built— vermoedelik die kommandant-generaalswoning van M. W. Pretorius wat deur J. F. Schutte gebou is. Op 15 Oktober het Churchill Pretoria verlaat op pad na Potchefstroom en Durban. Vermeldenswaardig is dat Marian Churchill in 1857 die eerste tekening van Pretoria gemaak het.

Toet Churchill in Julie 1856 vanaf Potchefstroom in Pretoria aangekom het en nie dadelik in die geleentheid was om sy voorgenome reis na Zoutpansberg voort te sit nie, het hy van die gedwonge oponthoud gebruik gemaak om die onmiddellike omgewing van Pretoria van naderby te besigtig. Hy vertel, onder andere, die volgende: „Whilst waiting here, (I) rode out to many of the neighbouring farms and was much pleased with the signs of industry and improvement manifested. On the open ‘High Veldt’ they are all beginning with ‘wool sheep’ as the lung sickness among the cattle has quite stopped that trade.”

Uit die oogpunt van die geskiedenis van die koffieverbouing aan die noordekant van die Magaliesberg, maak Churchill vervolgens die volgende interessante opmerking: „On the North of the Magaliesberg range, they are trying coffee, the seed of which General Pretorius got through us and distributed largely where he thought it would succeed. It will require three years to fairly test it.”

Uit hierdie mededeling van Churchill blyk dit dus dat komdt.-genl. Pretorius nie alleen van die firmas Henwood, Smerdon en Reid koffiesaad ontvang het nie, maar ook van die firma Evans & Churchill, wat op verskillende plekke in Natal, die Oranje-Vrystaat en Transvaal, takke van hulle besigheid gehad het. Verder blyk dit ook dat die verbouing van koffie alreeds teen Julie 1856 aan die noordekant van die Magaliesberg

aan die gang was, maar dat dit, volgens Churchill, nog drie jaar sou duur voordat vasgestel sou kon word of die koffieplant ten noorde van die Magaliesberg werklik goed sou aard.

Uit die verslag van Churchill is dit nie heeltemal duidelik nie of hy self enige van die plase waar die boere besig was om met die verbouing van koffie te eksperimenteer, besoek het. Dit is egter waarskynlik dat hy 'n persoonlike besoek aan een of meer van die koffieplase gebring het, aangesien hy en sy firma uit die aard van die saak besonder belanggestel het in die vordering wat daar met die nuwe bedryf gemaak sou word. Die plaas van J. W. Horn, Strydfontein, aan die noordelike hange van die Magaliesberg, was destyds een van die eerste plase in Transvaal waar koffie verbou is — op Modderfontein, digby Rustenburg, het Philip Snyman ook in 1856 koffieboompies geplant — en aangesien die plaas Strydfontein binne maklike bereik van Pretoria was, is dit waarskynlik dat Churchill 'n besoek aan Horn se plaas gebring het en dat dit een van die plase is waarna hy in sy reisverslag verwys waar die boere besig was om met die aanplanting van koffie te eksperimenteer. Dit mag dus wees dat Churchill Strydfontein ten weste van die teenswoordige Pretoria-Noord besoek het en met sy eie oë gesien het hoe die koffieverbouing aan die noordekant van die Magaliesberg vorder.

Churchill se reisbeskrywing is belangrik in dié oopsig dat dit die eerste spesifieke verwysing is na die feit dat enkele Transvaalse boere deur die aanmoediging van komdt.-genl. Pretorius, alreeds 'n aanvang gemaak het met die verbouing van koffie aan die noordelike hange van die Magaliesberg.

Koffieverbouing — een van die ideale van M. W. Pretorius — het binne tien jaar nadat in Natal daarmee begin is, ook in Transvaal sy verskyning gemaak. Vanaf 1855 sou die vordering in hierdie spinternuwe vertakking van die Transvaalse landboubedryf deur vele met belangstelling gevolg en op elke moontlike wyse aangemoedig word. Deur al die jare sou M. W. Pretorius, eers in sy hoedanigheid as Kommandant-generaal en vanaf die einde van 1856 as eerste President van die Zuid-Afrikaansche Republiek, die vernoomste stukrag wees agter die beweging om in Transvaal, veral in Rustenburg, Pretoria en Zoutpansberg, koffie op groot skaal te verbou. Die verbouing van koffie het veral in Rustenburg en Zoutpansberg posgevat en tot 'n opbloei gekom, maar dit is egter 'n ander verhaal.

— H. M. REX.

# CORRESPONDENCE

PRETORIANA No. 47, 1965.

The Editor,  
Pretoriana.

Dear Sir,

Herewith a few remarks on the captions to the photographs that appeared in Pretoriana dated March 1965 — a most interesting and educative issue.

The church on Church Square ceased to be used for services during the latter half of 1904 as the new church and Suzanna Hall in Vermeulen Street were already in use. The old church which was empty except for the organ, was to be used for the lying-in-state of President Kruger. An officer of the P.W.D. had reported that the steeple was unsafe and likely to fall on the crowd that would assemble on the Square on the day of the funeral. First one tractor engine and then two with a steel hawser tried to pull it down but the steeple was too well built to give way. Firemen were then called in to remove a layer of bricks on the West base of the steeple and when the tractor engine again operated towards Bank Street the steeple did come down but part fell into the nave and smashed the organ. The Church could not then be used for the lying-in-state of the President and Suzanna Hall was used for that purpose. The last part of the building was pulled down on the 25th February, 1905. (See Photographic Supplement to the Pretoria News dated the 25th February, 1905.)

Please do get a picture or photograph of the building at the corner of Pretorius Street and Fountain Lane (formerly Mathyssen Lane). During the S.A. War this building was occupied by the Army Pay Corps from July 1900 – July 1902 and has, I believe been occupied by the Police ever since. The Army Pay Corps was moved to the Artillery Barracks.

On the 23rd March, 1906, a letter of mine was published in the Transvaal Advertiser in which I suggested that trees in the streets should only be planted by the Municipality and not by private individuals. I sent a

copy of my letter to the Mayor and the Town Engineer and my suggestions were adopted. School children were used to plant trees in Koch Street (now Bosman Street).

In the 1929 February edition of the Pretoria Citizen there appeared a letter of mine entitled 'The Colour of Pretoria', which contains, I think, the first reference to a Jacaranda Festival.

I have been wondering whether any of these articles are worth reprinting in Pretoriania.

Yours sincerely,

C. J. BEANES,

435 Kirkness Street, Pretoria.

19th September, 1966.

## CORRECTIONS, PRETORIANA, No. 47, 1965

**Page 9:** Pedestal for statue was on **West Side** of Church Square — facing Church Street.

**Page 15:** New Post Office is on **Western** entrance to Church Square.

**Page 21:** Photograph shows ZASM House, the private residence of Mr. Middelberg, Director General of ZASM. It is now the Department of Bantu Administration. The Railway Headquarters was on the adjoining erf — between this house and Minnaar Street. A new Railway Headquarters for the System Manager has been erected in its place.

**Page 26:** From the time of erection until 1920 the proprietor was S. B. Levy and it was called the Transvaal Hotel. It became Polley's Hotel when Mr. Polley took over from S. B. Levy.

**Page 31:** Ou Raadsaal is a recent name applied to what was always known as Government Buildings which was built by Kirkness. The woodwork was made by J. Baikie & Co. and shipped from the Shetlands first to London and then to Durban, from where it was taken by rail to Ladysmith and then on to Pretoria by oxwagon.

**Page 56:** Photograph of the Old Volkstem Buildings show Caledonian Building, Andries Street, where the Volkstem was published from about 1905. A much more historic photograph should have appeared. At the corner of Fountain Lane and Pretorius Street is the old original Volkstem Building. Above the doorway in the cement, one can still read **1873. Die Volksstem.** (old spelling). Why was this photograph not shown?

## A R B O U R D A Y

Reprint from: THE TRANSVAAL ADVERTISER, Friday, March 23rd, 1906.

Friday, March 23rd, 1906.

To the Editor,  
Transvaal Advertiser.

In your issue of 19th July, 1904 there appeared a letter from the Rev. James Gray asking what arrangements had been made to give effect to the beautiful idea of an annual tree planting day, provided for in our calendar as the first Monday in August (Arbour Day). No notice was taken of the letter and, unfortunately, no arrangements were made to beautify the streets of Pretoria by planting trees.

There are a few trees in some of the streets but most of them are in the centre of the footpath; planted without order and much to the inconvenience of pedestrians, and with the exception of the young oaks recently planted in Joubert Street and on the footpath round Burgers Park, all the trees in our streets have been planted by private individuals with various notions of what trees to select and where to place them.

The best results in such an undertaking can be obtained only if the work be carried out by a public body, therefore, I suggest that the Town Council give this matter due attention and arrange for something to be done with such a laudable object on Arbour Day this year. This is a duty that should no longer be delayed. Within the Municipal boundary, but excluding the business part of the town there are not less than seventy miles of streets or one hundred and forty miles of footpaths that could be improved in the way suggested. That valuable asset, the town lands, has also to be considered.

There are more than four months between now and Arbour Day, and during that time all the necessary arrangements could be made. The School children could certainly take part in the day's work and if the Mayor asked for citizens to assist in digging the holes I am confident that a sufficient number would be forthcoming.

If this suggestion is carried into effect we will have the pleasure of doing some real good work, which if properly carried out will give enjoyment to others long after our departure from this transitory life.

Yours etc.

C. J. BEANES.

Pretoria, March 22nd, 1906.

**Genootskap Oud-Pretoria**  
(Gestig: 22 Maart 1948)

---

**Ons doel:** Om te waak oor die geskiedenis van ons stad en distrik.

---

**BESTUUR**

*Ere-President — RAADSLID/COUNCILLOR — Honorary President*  
H. K. TRUTER

*BURGEMEEESTER VAN PRETORIA / MAYOR OF PRETORIA*

*Voorsitter — DR. N. A. COETZEE — Chairman*

*Ondervoorsitter — PROF. DR. P. C. COETZEE — Vice-Chairman*

*Penningmeester — DR. G. RISSIK — Treasurer*

*Sekretaris — ADV. D. G. VAN DER BIJL — Secretary*

*Hulpsekretaris — PROF. DR. F. J. DU TOIT SPIES — Assistant Secretary*

*Redakteur — MNR./MR. J. H. HATTINGH — Editor*

*Argivaris (Waarnemend) — PROF. DR. P. C. COETZEE — Archivist (Acting)*

*Bykomende Lede — MNR./MR. T. E. ANDREWS — Other Members*

MNR./MR. C. A. CELLIERS

MNR./MR. H. M. REX

MNR./MR. W. S. ROBERTSON

MNR./MR. E. DE V. STEGMANN

MNR./MR. TJAART VAN DER WALT

*Redaksiekomitee/Editorial Committee: DR. N. A. COETZEE & MNRE./  
MESSRS. J. H. HATTINGH (Redakteur/Editor), H. M. REX &  
W. S. ROBERTSON.*

*Bydraes moet asb. gestuur word aan/Contributions to be sent to: Mn. J. H. Hattingh,  
Direkteur, Maatskappy vir Europese Immigrasie, Sanlamgebou 323, Andries-  
straat, Pretoria.*

---

**Old Pretoria Society**  
(Founded: 22 March, 1948)

---

**Our aim:** To preserve the past for the future of our city and district.

---

**EXECUTIVE COMMITTEE**